




# Matieland

*Universiteit van Stellenbosch*

*Jaargang 16*

*Nommer 1 April 1972*






# DIE FEDERALE GROEP

Manne met dryfkrag  
Middele vir groeikrag  
Moontlikhede met trefkrag

RAADPLEEG SANTAM OOR U

# MOTOR- VERSEKERING



Behoorlike  
beskerming vir u  
motor beteken  
behoorlike versekering ...  
en dis nou die tyd  
om SANTAM hieroor  
te raadpleeg. Kyk in  
u telefoongids waar  
u SANTAM-kantoor is  
en wees verseker  
dat u motor beskerm  
word ... deur

**SANTAM**

SANTAM  
VERSEKERINGS-  
MAATSKAPPY  
BEPERK



VZ&R - K535/78A



**Goud van Kleur . . . Ryk aan Geur**

**DIE  
STELLENBOSSCHE DISTRIKS BANK  
BEPERK**

Opgerig 1882

**Bankiers van Die Universiteit van  
Stellenbosch en feitlik alle opvoedkun-  
dige inrigtings op die dorp.**

**KOM MAAK KENNIS MET DIE HANDELS BANK  
WAAR STELLENBOSSERS MEKAAR RAAKLOOP**

# MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS  
DEUR DIE  
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN  
J.J.OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN  
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 16 NO. 1 APRIL 1972

# In Hierdie Uitgawe

Oud-Maties van 1926–1935-saamtrek op Stellenbosch  
op 1, 2, 3 Desember 1971, 5

Redaksioneel

*Matieland se Dosente Valueer Hulself, 6*

*Verkiezing van Raadslede, 7*

Ons Eer hul Nagedagtenis, 7

Amptelike Opening van die Akademiese Jaar op  
21 Februarie 1972

*Mededelings van die Rektor, 9*

Grade- en Diplomaplegtighede 8, 9, 10 Desember 1971  
*Eredoktore, 12*

*Nuwe Doktore, 14*

*Stipendia en Medaljes oorhandig tydens  
die Grade- en Diplomaplegtighede, 16*

*'n Besonderse Voorstellingsparade, 17*

Bevorderings en Aanstellings, 18

*Ander aanstellings, 20*

Die Solomon Caesar Malan-akwarelle, 21

Beurse en Skenkings, 22

*Ontwikkelingsfonds, 22*

Kursusse

*Bosbou se Opedag, 31*

In Gesellige Luim

*Afskeid aan Dosente, 32*

Oud-Maties

*Oud-Maties van 1926–1935, 34*

*Die Konvokasie: 2 Desember 1971, 35*

*Oud-Maties se Joernaal-Aand, 35*

*Exit Nusas, 43*

Studentebdrywighede

*Die Rugbyfees, 46*

## VOORBLADFOTO:

Landskap

'n Linosnee deur Jan Coetzee (Grafiek 1) van die Dept. van  
Beeldende Kuns, Universiteit van Stellenbosch. (Des. 1971)



OUD-MATIES VAN 1926-1935 SAAMTREK OP STELLENBOSCH OP  
1, 2, 3 DESEMBER 1971

Noenmaal in Harmonie. Vroeëre vaandels van fakulteite  
en andere in die agtergrond

# Redaksioneel

## Matieland se Dosente Valueer Hulself

Aan die begin van die akademiese jaar, nog voor die klasse begin het, is 'n omvangryke seminaar deur die dosente van die Universiteit van Stellenbosch gehou om hulle eie doseerwerk te valueer. Daar is min oomblikke wanneer die menslike gees so hoog styg as wanneer hy daartoe gekom het om in sy eie dieptes ondersoekend neer te daal – wanneer hy oor homself nadink en die splinters en balke wat dalk by homself bestaan, ontleed.

Geskied die selfondersoek met geestelike nederigheid en opregte strewe na selfverbetering dan is die eerste ryke vrugte reeds daar. So 'n dosent is nie geestelik selfvoldaan nie; derhalwe is die kans goed dat studente wat aan sy voete sit die voldoening van interessanter en deurdringender kolleges sal smaak en die dosent self die genoegdoening van 'n knap gelewerde lesing sal ondervind. Ons wil geensins die indruk laat ontstaan dat Stellenbosch se dosente deur (moontlike) verset van studentekant sover beweeg is om hulle eie doseerwerk te valueer nie want hierdie seminaar is reeds die vyfde van sy soort.

Die aanvanklike voelers wat met die vorige seminare uitgestoot is, het nou vanweë die opgedane ondervinding tot kristallisatie gekom. Hierdie seminaar het in omvang, diepte en in bywoning nou sy besondere blywende karakter en status verwerf. By hierdie geleenthed was die ouderdom, die middeljarige en die jeug in die persone van afgetrede professore, dienende dosente en selfs studente byeen om hulle menings te lug en behoeftes te stel. Al sou die seminaarganger nie met al die uitgesproke gedagtes saamgestem het nie, het hy ten minste ook kennis van die ander man se standpunte geneem.

Elke dosent wat hierdie seminaar bygewoon het, het deur sy aanwesigheid sy opregte belangstelling in sy

studente te kenne gegee. Die periode van student-wees word alte dikwels deur oppervlakkige beoordelaars as 'n tydperk van genot, onverantwoordelikheid en uitspattigheid beskou, terwyl die studie-gedeelte vergeet word. Selfs die simpatieke studentevriend sal verbysterd wees as hy die kursusinhoud van vandag teenoor dié van die goeie ou tyd sou plaas. Totale omwentelinge vind binne vyf jaar plaas.

Die President van die Universiteit van Guelph, dr. W. C. Winegard, het tydens 'n toespraak gesê „The discipline of learning is essentially a lonely business and if you are to think independently you must do a lot of independent work". Ons weet dat die weg van die ware student eintlik 'n eensame pad is – hy moet werk, dink, verstaan, onthou en antwoord. Op dié weg raak hy soms tydelik ongebalanseerd (sommige selfs meer as net tydelik), veral as daar nog ander bekommernisse, eie aan elke individuele mens, hom ook nog pla. Onthou oud-Dagbrekers hoe 'n medestudent van vroear dae af en toe in die vierkant hardop geskreeu het: „Hoera, ek is mal!?" Dit was sy metode om die hoë druk in sy geestelike stoomketel af te blaas. Die spanning van studie word gelukkig meestal op die sportvelde ontlaai, maar dikwels kom dit ook tot uiting as studentinterpret, -lawaai en ongelukkig ook as -onverantwoordelikheid. Oor die eerste skud die publiek goedig die hoof, oor die tweede word veral gekla as dit in die nag geskied en nommer drie haal dadelik voorbladnuus.

Intussen het huisende studente die weg van die een-same student in die nagtelike ure gevolg. Hiervan lewer die gradeplegtighede die positiewe getuenis. (Sien die Rektor se Mededelinge op bladsy nege) Dit is van hulle wat die Vise-kanselier, dr. J. S. Gericke, tydens die gradeplegtigheid in Desember 1971 gesê het: „Kom kyk na die antwoorde wat hierdie universiteit nog altyd in die verlede gegee het. Kom kyk en oordeel ons aan die manne en vroue wat ons jaar na jaar uitstuur om die verskillende professies van ons

land te kan versier met die kwaliteit van hulle lewe en arbeid".

In die huidige gejaagde tyd kry ons selde kans om 'n bekende met meer as 'n handgebaar te groet – ons kry selfs nog minder kans om heeltemal tot stilstand te kom om ná te dink. Oor 'n eksterne projek sal ons nog tyd maak om te beplan, maar om oor onsself na te dink, is dikwels net 'n vakansieweelde. Dit stel dus 'n kostelike voorbeeld en getuig van eerlike belangstelling in die studente dat so 'n groot groep dosente aan die begin van die jaar eers 'n paar oomblikke stil gestaan het en oor hulself en hulle studente nagedink en beraadslaag het.

## Verkiesing van Raadslede

Die Minister van Waterwese en Bosbou, mnr. S. P. Botha, is tot die Universiteitsraad van Stellenbosch verkies.

Mnr. Botha kom in die plek van dr. A. E. Rupert, wat hom nie weer verkiesbaar gestel het vir die tydperk 2 April 1972 tot 1 April 1976 nie.

Mnr. Botha is saam met Regter J. T. van Wyk en mnr. F. D. Conradie, L.U.K., deur die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch benoem vir die vakatures wat ontstaan het weens die verstryking van die termyne van mnr. Conradie, dr. Rupert en Regter Van Wyk op 1 April 1972. Omdat daar net drie benoemdes vir die drie vakatures was, is hulle outomatis verkies.

Mnr. J. D. J. de Necker en dr. W. J. Pretorius wat deur donateurs tot die Universiteitsraad verkies was, is albei herkies vir die tydperk van 2 April 1972 tot 1 April 1976. Ook in hulle gevalle was daar geen ander benoemdes nie.

## WIE LAASTE LAG

Die Redaksie weet dat in hierdie uitgawe van *Matieland* nog veel moes verskyn het wat u eintlik verwag het. Dit kom hopelik in die Augustus-uitgawe. Met posgeld bereken op die gewig van die posstuk en verhoogde drukkoste moet *Matieland* fyn trap om die ± 21 000 eksemplare drie maal vanjaar gratis aan u te besorg.

Baie dankie aan die Aärons en Hurs wat donasies aan die *Matielandfonds* stuur.

# Ons Eer Hul Nagedagtenis

A. J. R. VAN RHIJN, PH.D.

*Dr. Van Rhijn* is aan die einde van Desember 1971 in die ouderdom van 81 jaar te Bloemfontein oorlede. Hy het 'n volle lewe geleid as skoolhoof, koerantredakteur, Administrateur, Minister, Hoë Kommissaris en veel meer. Hy het aan U.S. in die natuurwetenskappe gestudeer en in Duitsland die Ph.D. (magna cum laude) behaal. In 1920 was hy lektor in skeikunde aan U.S. Hy word oorleef deur twee dogters, mev. Naudé van U.O.V.S. en mev. Lita Morkel van Johannesburg, asook 'n seun, regter G. P. van Rhijn van Kimberley.

MNR. P. M. H. CALITZ, M.A.

*Mnr. Piet Calitz*, gewese lektor in Geskiedenis aan U.S., rugby-toetskedisregter, hoof van die manskoshuis Majuba, voorsitter van die F.A.K.-Skakelkomitee en dienende ouderling, is onverwags op 16 Desember verlede jaar op Somerset-Oos oorlede. Hy was besig om 'n Geloftfeesrede te hou toe hy inmekbaar gesak het. Hy het jare lank onderwys in geskiedenis aan die Hoëskool Jan van Riebeeck gegee. In 1965 is hy aan U.S. aangestel.

Hy is op 4 Junie 1916 gebore en laat sy eggenote, Leonie, en 'n dogter, Danita, agter.

KURT-RÜDIGER KANNENBERG,  
D.R.E.R.N.A.T. (BONN)

*Dr. Kannenberg*, gewese senior lektor aan U.S., is op 4 November 1971, in die ouderdom van 43 jaar oorlede. Hy was afkomstig van Pommere (Duitsland) en is nabij Hamburg begrawe.

Hy was 'n uiters bekware wiskundige wie se werk hoog gewaardeer is. Van sy studente het die hoogste grade behaal. As mens was hy minsmaan en omdat hy in die bloei van sy lewe gesterwe het, het sy dood 'n nog groter verlies beteken.

Hy word oorleef deur sy vrou Elfriede en sy kinders Karlfried, Ute en Margrit.

H. L. S W A N E P O E L, L L. D.

*Prof. Hennie L. Swanepoel*, in lewe professor in die Regte te Potchefstroom, is op 27 Januarie oorlede in die ouderdom van 59 jaar. In sy studentejare op Stellenbosch was hy en prof. J. C. de Wet van U.S. klasmaats. Hulle was egter nie net klasmaats nie, maar (hulle ander klasmaats sal ons seker die vergelyking gun) ook die twee onvergelyklike voorperde. Albei was in Dagbreek huis waar hulle aan dieselfde eettafel gesit het en albei het in die Studenteraad gedien. In 1935 was hy die voorsitter van die S.R. Prof. Swanepoel was 'n man uit een stuk!

D S. B E R T I E B R I N K

*Ds. C. B. Brink* (70) is op 8 Februarie in Florida oorlede. Hy was Aktuarius, Assessor en Moderator van die Transvaalse Sinode, Ondervorsitter van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, Voorsitter van die Raad van N.G. Kerke en lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy laat sy vrou en twee kinders agter.

Hy het in 1965 afgetree, maar sedertdien as hulp-leraar in Aasvoëlkop en Florida gehelp.

#### OUDSTE SPRINGBOK OORLEDE

*Ds. Anton C. Stegmann* is op 22 Januarie vanjaar in die ouderdom van 88 jaar in Pretoria oorlede. Hy was 'n voormalige Sondagskoolsekretaris van die N.G. Kerk.

Hy was in 1906/07 lid van die Springbokspan van mn. Paul Roos na Brittanje. In 16 wedstryde het hy 18 drieë gedruk. Volgens mn. Roos het Anton sy knieë baie hoog opgetel as hy hardloop. Toe 'n Engelse vleuel gevra is: „Why didn't you tackle Stegmann?” het hy glo geantwoord: „Who can catch a b . . . horse?”

#### 'N LEIER VAN BLINDES TOT SELFSTANDIGHEID OORLEDE

*Dr. Paul Ewald Biesenbach* (B.Ed. 1926, Stell.) is op 2 Desember 1971 in die ouderdom van 72 jaar op Worcester oorlede. Hy het die grootste deel van sy lewe aan die blindes gewy. Hy was van 1928 tot 1961 hoof van die Skool vir Blindes op Worcester en daarna nog superintendent van die werkswinkel tot 1968. Onder andere het hy die werkswinkel in 1933 begin,

'n matriekkursus ingestel, die Suid-Afrikaanse Braille-stelsel gestandaardiseer, die Afrikaanse Bybel in Braille uitgegee en tehuise vir bejaarde blindes opgerig. Hy het ook in talle liggame in die openbare lewe gedien. Hy word oorleef deur sy vrou en 'n seun.

*Mev. Cornelia Eleonora Jansen van Vuuren* (geb. Louw) B.Sc. (Huishoudkunde 1944) is onverwag op 2 Augustus verlede jaar oorlede. Sy het die kursus in Huishoudkunde aan die Wellingtonse Opleidingskollege begin en was later aan verskeie hoërskole verbonde. Met haar liefdevolle en toegewyde geaardheid het sy almal se agting geniet.

Opregte meegevoel gaan uit van haar kollegas en van die S.A. Vereniging vir Dieetkundiges en Huishoudkundiges met haar man „Van” van Vuuren (lektor aan Universiteit Wes-Kaap), Elra (16) en Gerhard (11).

*Mnr. Fasie (S.D.) Maree* (50), in lewe vise-hoof van die Hoërskool Jan van Riebeeck, is aan die begin van November verlede jaar skielik oorlede. Hy het die M.A. en S.O.D. op Stellenbosch behaal. Hy laat sy vrou en twee dogters agter. Sy leerlinge was vir hom baie lief.

*Mnr. Jannie Meyer*, 'n tweedejaarstudent aan U.S. in Ingenieurswese, het op 23 Januarie, saam met sy twee jonger broers, in 'n motorbotsing naby George gesterf. Innige meegevoel word met sy ouers mn. en mev. Helgaard Meyer van Blanco en sy enigste agterblywende sustertjie uitgespreek.

#### Derde Saamtrek van

#### Oud-Maties (1936-1944)

STELLENBOSCH DESEMBER 1972

Volledige Program in Matieland

van Augustus 1972

Stuur verlorenes se adresse asb. aan  
Dept. van Ontwikkeling

# Amptelike Opening van die Akademiese Jaar op 21 Februarie 1972

## Mededelings van die Rektor

Prof. J. N. de Villiers het die geleentheid gebruik om kortlik verslag te lewer van sekere aspekte van die werkzaamhede van die Universiteit van Stellenbosch gedurende 1971 en 1972.

### GRADE EN DIPLOMAS TOEGEKEEN IN 1971

In 1971 is 1 933 diplomas, sertifikate en grade as volg toegeken :

Diplomas en Sertifikate	...	...	...	...	...	444
B.-grade	...	...	...	...	...	1147
Honneursgrade	...	...	...	...	...	201
M.-grade	...	...	...	...	...	103
Doktorsgrade	...	...	...	...	...	38
Eredoktorsgrade	is toegeken aan : Prof. W. J. Pretorius en Dr. M. A. Cook.					

### PERSONEEL UITBREIDINGS

Die totale aantal dosente het oor die afgelope twee jaar as volg toegeneem :

- In 1970 was daar 485 dosente.
- In 1971 was daar 567 dosente.
- In 1972 is daar tans 604 dosente.

Die verdeling van dosente aan die begin van 1972 is soos volg :

Professore	...	...	...	...	...	...	154
Senior Lektore	...	...	...	...	...	...	237
Lektore	...	...	...	...	...	...	180
Junior Lektore	...	...	...	...	...	...	33

Daar is ook tans 157 tegnici en megalici.

Om die doeltreffendheid van onderrig en navorsing te handhaaf, was dit nodig om die personeel uit te brei om tred te hou met die vermeerdering in studentetalle en die instelling van nuwe studierigtigs en kursusse.

### STUDENTETALLE

Op 31 Desember 1971 was daar 7 671 voltydse studente en 666 deeltydse studente aan U.S. geregistreer - 'n totaal van 8 337. Dit is 'n vermeerdering van 352 studente op die getal in 1970, en 'n vermeerdering van 4,0% in voltydse studente. Die jaarlikse persentasie vermeerdering is egter besig om af te plat as ons in aanmerking neem dat die jaarlikse persentasie vermeerdering 6,5% was in 1968. Die afplatting is te wyte aan die feit dat ons koshuisvoorsiening staties was sedert 31 Desember 1968. Dit is dus verblywend dat 'n nuwe manskoshuis vir 317 studente hopelik in 1973 gereed sal wees. Tans word 3 810 studente of 50,4% van die totale getal voltydse studente in koshuisse geakkommodeer. Die verdeling tussen die geslagte is dames 1 895 en mans 1 915. Toelating tot die koshuisse geskied hoofsaaklik op akademiese meriete en dit dien ook as 'n vorm van beperking van studentetalle aangesien privaatlosies ook beperk is. Indien die huidige interim maatreël egter voortduur waarvolgens jaarlikse addisionele subsidie bereken word op 'n ad hoc-10% grondslag en nie op die grondslag van die getal addisionele studente nie, kan dit moontlik meebring dat die Universiteitsraad genoodsaak sal word om selektiewe keuring van studente te oorweeg, en om die instelling van nuwe studierigtigs en kursusse te beperk.

Ek het reeds gemeld dat daar 'n tydelike afplatting in die jaarlikse persentasie vermeerdering van studente te bespeur is. Indien ons die posisie ontleed oor die afgelope 6 jaar, vind ons nietemin 'n groot vermeerdering in studentetalle. Vanaf 1965 tot 1971 was daar 'n 29,7% vermeerdering in studente. Die verspreiding van toename hiervan oor die fakulteite was as volg :

Ingenieurswese	...	...	...	...	...	123%
Handel en Administrasie	...	...	...	...	...	103%
Regsgelerheid	...	...	...	...	...	55%
Geneeskunde	...	...	...	...	...	62%
Lettere en Wysbegeerte	...	...	...	...	...	29%
Krygskunde	...	...	...	...	...	23%
Opvoedkunde	...	...	...	...	...	10%
Teologie	...	...	...	...	...	5%

In 1971 is die eerste 28 studente in Tandheelkunde ingeskryf.

In die ander fakulteite het die studentetalle as volg gedaal in die afgelope 6 jaar :

Natuurwetenskappe	...	...	...	...	...	2%
Landbou	...	...	...	...	...	11%
Bosbou	...	...	...	...	...	13%

#### NUWE KURSUSSE

In 1972 word 'n aanvang gemaak met die volgende nuwe kursusse :

Diploma in Klinies-remediërende onderwys,  
Kursus in Gemmologie in die Dept. van Beeldende Kunste,  
Italiaans,  
Argeologie,  
Diploma in Mondhygiëne,  
Nagraadse kursus in Televisie-tegnologie,  
Vierjarige B.Sc. Ing.-graad in Elektrotegniese Ingenieurswese.

In 1973 sal 'n nagraadse kursus in Besproeiingsingenieurswese ingestel word.

**B E U R S E E N B E U R S L E N I N G S** wat vir 1971 beskikbaar gestel is, bedra ± R1 673 000 waarvan R200 000 vir nagraadse studente aangewend is. R1 270 000 word voorsien deur die Staat, Provinie en Semi-Staatsorganisasies soos die Wetenskaplike Nywerheid-Navorseringraad en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Die privaatsektor stel ± R150 000 beskikbaar. Die totale bedrag wat deur die Universiteit uit die fondse vir voorgraadse beurse beskikbaar gestel word, bedra R114 000 per jaar. Die Universiteitsraad, bewus van die groot behoeftie aan onverbonde beurse aan behoeftige en verdienstelike studente het vanaf 1971 'n addisionele R50 000 per jaar uit die renteverdienste van die Eeuveestrustfonds vir beurse aan voorgraadse studente beskikbaar gestel. Die bedrag word o.a. gebruik om sekere soort beurse enveral

meriete beurse te verdubbel om te vergoed vir die styging in lewenskoste. 'n Nuwe tipe beurs is ook ingestel waarvolgens eerstejaarstudente wat hoofseun of hoofdogter van 'n skool was vir finansiële hulp in aanmerking kom, mits hulle bo-gemiddeld presteer het en/of behoeftig is.

#### H A N D H A W I N G E N V E R B E T E R I N G V A N D I E A K A D E M I E S E S T A N D A A R D A A N D I E U N I V E R S I T E I T

(a) 'n Ondersoek i.v.m. druiping aan die Universiteit is geloods in 1971. Dit blyk daaruit dat die druipsyfer aan U.S. van die laagste is van alle Suid-Afrikaanse Universiteite. Die druipsyfer van studente aan hierdie Universiteit het ook nie gedurende die afgelope aantal jare gestyg nie. In sekere opsigte was daar inderdaad verbetering.

Tog is die Universiteit deeglik bewus van en bekommerd oor die relatiewe hoë druipsyfer, veral in sekere vak- en studierigtigs. Daarom is daar gedurende 1971 'n begin gemaak met 'n diepgaande ondersoek in verband met dié verskynsel en sake wat daar mee verband hou, bv. Universiteitsmetodiek. Dié ondersoek word vanjaar voortgesit.

Die voorlopige resultate van die ondersoek dui o.a. daarop dat studente se prestasies aan die Universiteit nou saamhang met hulle skoolprestasie. Dit skyn veral of prestasies in Wiskunde op skool hoë voorspellingswaarde vir prestasie aan die Universiteit het, veral in die Natuurwetenskappe.

Dit kom dus voor of daar met vrug gelet kan word op die toelatingsvereistes tot universiteite. Die Universiteit van Stellenbosch stel dan ook intens belang in die pogings van die *Gemeenskaplike Matrikulasieraad* i.v.m. die opstel van nuwe gedifferensieerde toelatingsvereistes vir universiteite, waarby die Universiteit moontlik sy eie minimumvereistes vir toelating tot bepaalde studierigtigs kan stel.

(b) Die Universiteit doen ook moeite om te verseker dat sy dosente in die geleentheid gestel word om hulle doseervermoë te verhoog en hulle doseerwerk te verbeter. Dit geskied o.a. deur die aankoop van die modernste audio-visuele hulpmiddels en die instelling van 'n sentrale audio-visuele hulpmiddels om dosente in hierdie verband by te staan. Daar word ook jaarliks 'n seminaar gereël oor Universiteitsmetodiek. Die jongste is verlede week aangebied en deur meer as 200 dosente bygewoon.

(c) Gedurende 1971 is R200 000 spandeer om labora-

toriumtoerusting vir praktiese onderrig te moderniseer en sodoende aan te pas by moderne tegnologie en die gebruik van moderne apparaat in die private bedryf, die industrie en die professies.

#### NUWE GEBOUË

Om tred te hou met die uitbreiding van sekere fakulteite en die vermeerdering van studentetalle, is dit noodsaaklik dat die Universiteit groot kapitale uitbreidings moet onderneem. Daar is in 1971 met vyf sulke projekte gevorder.

Die Huishoudkundegebou is in Oktober 1971 voltooi teen 'n koste van R857 000.

Aan die Geneeskundegebou (d.w.s. die gedeelte van die Tygerberg-kompleks waarvoor die Universiteit verantwoordelik is) is daar tot op 31/12/71 reeds R6 654 000 bestee. Die beraamde totale uitgawe beloop R14 000 000 en die verwagte datum van voltooiing is Desember 1974.

Aan die Tandheelkundegebou is daar tot op 31/12/71 R366 000 bestee van 'n totale beraamde koste van R3 500 000 en die verwagte datum van voltooiing is Desember 1973.

Aan die Ingenieurswesegebou is tot 31/12/71 R2 442 000 bestee van 'n totale beraamde uitgawe van R6 220 000 en die verwagte datum van voltooiing is Desember 1974.

Aan die nuwe manskoshuis is tot 31/12/71 reeds R353 000 bestee van 'n totale beraamde koste van R1 115 000 en die datum van verwagte voltooiing is Desember 1972.

#### BEPANNINGSAFDELING

Die Voorlopige Verslag i.v.m. toekomstige Universiteitsontwikkeling sal binnekort in druk verskyn. Dit gee in breë trekke 'n beeld van die groei wat in die volgende twintig jaar verwag kan word. Dit duï voorts bestaande tekortkominge aan, waarvoor deur diepgaande ondersoek oplossings gevind moet word. Ten minste twee hiervan, t.w. losiesvoorsiening op ruimer skaal en 'n modulêre boupatroon vir wetenskapgeboue, is reeds vollediger ondersoek en oplossings word daarvoor aan die hand gedoen. Noodsaaklike voorsiening, wat verband hou met die toekomstige groepat�oon van die Universiteit, soos gesien in die lig van die huidige groepat�oon, word in breë trekke aangedui en sal deeglik ondersoek en beplan word.

Beplanning bring noodwendig ook mee dat die Universiteit sy beheer i.v.m. projekte wat ontwikkel word, sal verskerp.

#### S P O R T P R E S T A S I E S

In 1971 het die Universiteit van Stellenbosch weer eens sy trotse rekord op sportgebied gehandhaaf.

Op die gebied van rugby het die Maties hul honderd-en-eerste Springbok gelewer en 'n rekord opgestel deur vir die 5de agtereenvolgende jaar die Groot Uitdagbeker te wen.

Op die atletiekbaan het die Maties uitgeblink. In 1971 het 5 blanke S.A. atlete onder die eerste twintig op die wêreldranglys verskyn. Van die vyf blanke Suid-Afrikaners was vier Maties. 'n Matie is aangewys as die beste atleet by die S.A. Senior- en Juniorkampioenskappe en 'n ander Matie is aangewys as die beste atleet by die S.A. Spele.

Matiemans en Matiedames het die W.P. Tennis-kompetisie gewen.

Stellenbosch het die interuniversit re kriketkompetisie gewen.

Verder het Stellenbosch Springbokke gelewer in karate, judo, gimnastiek en kanovaart.

#### D O N A S I E S

Die Universiteit ontvang jaarliks donasies van oud-studente, donateurs, maatskappye, boedels en ander instansies. Hierdie skenkings is vir die Universiteit van die allergrootste belang om te help met die betaling van rente en delging op lenings wat aangegaan is vir die oprigting van geboue, die instelling van beurse, finansiering van navorsingsprojekte en die instandhouding van sekere leerstoelle. Gedurende 1970 het donasies aan U.S. 'n totaal van R940 000 beloop.

Die Universiteit van Stellenbosch is baie dank verskuldig aan sy vele ondersteuners.

#### A F S L U I T I N G

Hierdie verslag getuig van 'n lewenskragtige, vooruit-swingende en hardwerkende Universiteit. Namens die Universiteit bedank ek die Staatsowerheid en die donateurs van die Universiteit vir hul finansi le hulp. As Rektor bedank ek die Kanselier, die Vise-kanselier, die Raad van die Universiteit, die lede van die Senaat en doserende en administratiewe personeel en die studente vir hul aandeel in die werksaamhede en die sukses van die Universiteit vir 1971.

In al die aktiwiteite erken ons die hulp van ons hemelse Vader.

# Grade- en Diplomaplegtighede 8, 9 en 10 Desember 1971

Altesame 1 535 grade en diplomas is op die grade- en diplomaplegtighede van die Universiteit van Stellenbosch toegeken. Hiervan is twee eredoktorsgrade en 22 doktorsgrade.

Die ere- en doktorsgrade is op 10 Desember, saam met alle gevorderde grade deur die Eerste Minister en Kanselier van U.S., dr. B. J. Vorster, toegeken. Altesame 394 grade is toegeken. Die eredoktorsgrade is aan dr. Mary Cook en prof. W. J. Pretorius verleen.

Die eerste plegtigheid het op 8 Desember om agtuur begin. By hierdie geleentheid het die Vise-kanselier van U.S., dr. J. S. Gericke, 399 diplomas toegeken. Dr. Gericke het ook op die eerste gradeplegtigheid, wat op 9 Desember om tienuur begin het, die grade toegeken. Alle eerste baccalaureusgrade in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte is toe verleen.

Die tweede gradeplegtigheid het op 9 Desember om halfvier plaasgevind en alle eerste baccalaureus-grade in die fakulteite van Natuurwetenskappe, Handel en Administrasie, Geneeskunde (uitgesonderd M.B. Ch.B.), Bosbou en Krygskunde is toegeken. By dié geleentheid het die Rektor aan sy seun Gerhardus de Villiers die graad B.Comm. toegeken – die eerste keer in baie jare dat so iets kon plaasvind omdat die vorige twee rektore kinderloos is.

Altesame 740 grade is by hierdie twee plegtighede toegeken.

Die gevorderde grade wat die Vrydagoggend toegeken is, behels alle doktorsgrade, meestersgrade, honneursgrade, asook die grade B.Ed., LL.B., B.Th. en M.B. Ch.B. Die grade B.Sc. en B.Ing. vir studente in die Ingenieurswese is ook toegeken.

## PROF. A. J. BRINK

Drie van die twee-en-twintig doktorsgrade is toegeken aan professore. Hulle is prof. A. J. Brink, Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch, prof. B. C. Jansen, hoofdirekteur van

Veeartsenkundige Dienste en prof. W. A. Joubert, hoogleraar in Rekeningkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Prof. Brink is een van die twee ontvangers van 'n D.Sc.-graad wat toegeken word op grond van die verdienste van navorsingswerk oor 'n sentrale tema wat oor 'n lang tydperk gepubliseer is. Prof. Brink se proefskrif bevat 53 van die 70 publikasies wat in die afgelope 23 jaar uit sy navorsingswerk oor kardiovaskulêre siekte in S.A., gespruit het. Hy is ook President van die Mediese Navorsingsraad en lid van die Eerste Minister se Wetenskaplike Adviesraad.

Dr. Rankine, wat die graad D.Sc. in Landbou gekry het, is die enigste onder die nuwe doktore wat van oorsee is. Hy is tans navorsingsbeampte by die Australiese Wynnavorsingsinstituut in Adelaide.

Die enigste vrou onder vanjaar se nuwe doktore is mev. M. M. Vogts, bekende proteaknener van Bettysbaai en 'n dogter van wyle ds. J. H. Neethling, een van die stigters van die Universiteit van Stellenbosch.

## MYLPAAL VIR DIE BESTUURSKOOL

Vir prof. J. van der Meulen, hoof van die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch, is vanjaar se gradeplegtigheid 'n mylpaal. Vier kandidate wat onder hom gepromoveer het, het doktorsgrade verkry. Dit is sover vasgestel kan word 'n rekord vir een promotor by een gradeplegtigheid op Stellenbosch.

## Eredoktore

### D R. M. A. C O O K, D. P H I L ( H. C.) ( S T E L L .)

Dr. Mary Alexander Cook is in Engeland gebore en as medikus opgelei, maar het 45 jaar gelede as predikantsvrou na Suid-Afrika gekom. Sy het haar groot lewentaak gevind in die bestudering en bewaring van die Afrikaner se materiële kultuur. Gedurende die afge-

lope 8 jaar is sy voltyds direktrise van die Drostdy Museum te Swellendam.

Kort na haar aankoms in Suid-Afrika het sy Kaapland begin deurreis met kamera en sketsboek en so persoonlik kennis gemaak met die Kaaps-Hollandse huise, plase en dorpe en die ouer geslag van mense wat daar gewoon het. Sy het weldra 'n deskundige en presiese kennis verwerf van die boustyl en stylvorme van die 18de- en 19de-eeuse Kaapse huise, meubels en gebruiksvoorwerpe van silwer, koper, glas en porselein. Hierdie kennis het sy afgerond deur jarelange navorsing in akteskantore en argiewe.

Dr. Cook se deskundige kennis is dikwels gebruik by die restourasie van geboue en by die inrigting van musea, waar lastige styl- en dateringsvraagstukke opgelos moes word.


Publikasies van dr. Cook sluit verskeie artikels in wat in *Africana Notes and News* verskyn het. Haar belangrikste publikasie, in samewerking met H. Franzen, *The Old Houses of the Cape*, 1965), is tot op datum die volledigste werk oor die Kaaps-Hollandse huise.

Die Drostdy-Museum te Swellendam het in korte tyd onder leiding van dr. Cook tot 'n modelmuseum ontwikkel. Dit het gepaard gegaan met die groot-skeepse restourasie en heroubou van die geboue van die ou Drostdy-kompleks.

Haar verdienste op kultuurhistoriese gebied is reeds erken deur die volgende toekenning :

die medalje van die Historiese Monumentekommisie, 1949;

Prof. A. J. Brink



Dr. M. A. Cook



Dr. W. J. Pretorius



'n toekenning van die Drie-Eeu Stigting in 1959, en die besondere erepenning vir Kultuurhistoriese Prestasie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1969.

Die eregraad, D.Phil. (h.c.), is aan haar toegeken.

PROF. W. J. PRETORIUS,  
D. COMM. (H. C.) (S T E L L .)

Willem Jacobus Pretorius het sy universitaire opleiding ontvang aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy in 1925 die B.A.-graad behaal het, en aan die Cornell-universiteit, V.S.A., waar hy die volgende jaar die graad M.Sc. in Landbou-ekonomiese verwerf het.

Na 10 jaar as ekonom in die Staatsdiens, is hy in 1937 aangestel as professor in Landbou-ekonomiese en Markte aan die Fakulteit van Landbou aan U.S. Gedurende die volgende 5 jaar, twee waarvan hy as Prinsipaal van die Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege opgetree het, het prof. Pretorius 'n breedvoerige ondersoek na die sagtevrugtebedryf voltooi en ook as die Regering se verteenwoordiger in die Sagtevrugteraad en as Voorsitter van die Droëvrugteraad gedien.

In 1943 is prof. Pretorius aangestel as Hoofbestuurder van die K.W.V., 'n betrekking wat hy 20 jaar lank met onderskeidig beklee het. In 1947 was hy lid van die S.A. afvaardiging na die vergadering van die Internasionale Handelsorganisasie in Genève, en in 1961 het hy 'n belangrike bydrae in die S.A. Handel-

sending na Europa gelewer. In hierdie tyd is hy ook aangestel as Direkteur van die S.A. Buitelandse Handelsorganisasie ter bevordering van ons uitvoerhandel, en as lid van die Kommissie van Ondersoek na ons Hotelwese.

Prof. Pretorius se groot bydraes op die gebied van die handel is in 1962 erken met sy benoeming tot die derde President van die Afrikaanse Handelsinstituut, en gepaard daar mee, ampshalwe, as lid van die Ekonomiese Adviesraad van die Eerste Minister. Hy was ook lid van die Statistiekraad en van die Uitvoerende Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Tans is hy ondervoorsitter van die direksies van Sanlam en die Nasionale Pers, lid van die direksie van Saambou-Nasionale Bouvereniging en 'n hele aantal ander maatskappe.

Prof. Pretorius is in 1948 tot lid van die Universiteitsraad verkies en het oor die afgelope meer as 20 jaar hooggewaardeerde bydraes tot die Raad gelewer. Hy is ook 'n Trustee van die Eeuveestrustfonds en lid van die Advieskomitee van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek.

Die eregraad, D.Comm. (h.c.), is aan hom toegeken.

## Nuwe Doktore

### DIE GRAAD D. ED.

BASSON, Abraham Johannes

Proefskrifonderwerp: *Die Demokratiese Gedagte in die Opvoeding.*

Promotor: Prof. C. F. G. Gunter.

### DIE GRAAD P.H.D.

BOTHA, Joseph Francois

Proefskrifonderwerp: *Model-dependent Studies of Coulomb Displacement Energies in Mirror Nuclei.*

Promotor: Prof. J. H. van der Merwe.

### DIE GRAAD D. S.C. (M.E.D.)

BRINK, Andries Jacob

Proefskrifonderwerp: *Kardiovaskuläre navorsing in Suid-Afrikaanse verband.*

Promotor: Prof. F. M. Engelbrecht.

### DIE GRAAD P.H.D.

BROZIO, Gunther Uwe Bernd

Proefskrifonderwerp: *The Extraction of Molybdenum VI by Long-Chain Tertiary Amines.*

Promotor: Prof. E. F. C. H. Rohwer.

### DIE GRAAD P.H.D.

BUYS, Maryno Elisa Lauvinus

Proefskrifonderwerp: *Die gebruik van elektroniese hulpmiddels en statistiese tegnieke in die evaluering van die agro-klimaat van Suidwes-Kaapland.*

Promotor: Prof. J. P. Jansen.

### DIE GRAAD P.H.D.

CELLIERS, Pieter Johannes

Proefskrifonderwerp: *Gemiddelde leeftye van kernenergiestoande in <sup>50</sup>P en <sup>75</sup>As.*

Promotor: Prof. W. L. Mouton.

### DIE GRAAD D.LITT. (SEMITIESE TALE)

CLAASSEN, Walter Theophilus

Proefskrifonderwerp: *The Hiph'il verbal theme in Biblical Hebrew.*

Promotor: Prof. F. C. Fensham.

### DIE GRAAD D.COMM.

DU TOIT, Martin André

Proefskrifonderwerp: *Vakbondontwikkeling en -beleid in Suid-Afrika.*

Promotor: Prof. J. van der Meulen.

### DIE GRAAD D. (B.E.N.A.)

HAMMAN, Willem Daniël

Proefskrifonderwerp: *Kapitaalbepaling, Winsbepaling en Bestuursverantwoording ten tyde van Prysveranderings.*

Promotor: Prof. J. van der Meulen.

### DIE GRAAD P.H.D. IN GENEESKUNDIGE WETENSKAPPE

JANSEN, Berend Cornelis

Proefskrifonderwerp: *Die taksonomiese indeling van Clostridium Botulinum tipes C en D met verwysing na die toksiese faktore wat hulle produseer.*

Promotor: Prof. H. D. Brede.

### DIE GRAAD P.H.D. (LANDBOU) (VEEKUNDE)

JOHNSON, Peter Thewlis Clarkson

Proefskrifonderwerp: *Dietary Energy intake and Utilization by Young Dairy Calves.*

Promotor: Prof. F. J. van der Merwe.



DIE GRAAD PH.D. (LANDBOU)  
(WINGERDBOU)

JOUBERT, Daniel Jakobus

Proefskrifonderwerp: *An Anatomical and Experimental Study on Changes induced by Meloidogyne hapla Chitwood, 1949 in Vitis roots.*

Promotor: Prof. C. J. Orffer.

DIE GRAAD D. COMM.

JOUBERT, Willem Adolph

Proefskrifonderwerp: *Die Waarde en Waardevermindering van die Duursame Produksiemiddel: 'n Kritiese Literatuurstudie.*

Promotor: Prof. J. van der Meulen.

DIE GRAAD D. COMM.

LOURENS, Johannes Jacobus

Proefskrifonderwerp: *Die Institusionele en Struktuur-Ekonomiese Omvormings in Rusland vanaf die vroeë middeleeue tot voor die Oktober-Revolusie van 1917.*

Promotor: Prof. S. J. Terreblanche.

DOKTORE, 10 DESEMBER 1971.

Voor, l.n.r.: Mnr. T. G. D. van Schalkwyk (Registrateur Finansieel), dr. M. M. Vogts, prof. J. N. de Villiers (Rektor U.S.), dr. W. J. Pretorius, dr. B. J. Vorster (Kanselier van U.S.), dr. M. Cook, dr. J. S. Gericke (Vise-kanselier U.S.), mnr. R. P. Conradie (Registrateur Finansieel).

Middel: Dr. B. C. Jansen, dr. G. J. van Lill, dr. J. C. v. d. Horst, dr. H. F. Vermaas, dr. M. E. L. Buys, dr. P. J. Celliers, dr. W. A. Joubert, dr. A. J. Basson, dr. R. Reynecke, dr. M. A. du Toit.

Agter: Dr. W. D. Hamman, dr. P. T. C. Johnson, dr. R. Schoonees, dr. D. J. Joubert, dr. J. W. van Rooyen, dr. J. F. Botha, dr. W. T. Claassen, dr. J. J. Lourens en dr. G. U. B. Brozio.

DIE GRAAD D. SC. IN LANDBOU  
(WYNKUNDE)

RANKINE, Bryce Crossley

Proefskrifonderwerp: *Contributions to the Microbiology of Winemaking and the Principles and Practice of Oenology.*

Promotor: Prof. C. J. van Wyk.

## DIE GRAAD D. (B.E.N.A.)

REINECKE, Robert

*Proefskrifonderwerp: Dinamiese Uitvoerbaarheidstudie ter verkryging van 'n Kriterium vir optimale investeringsbesluite gebaseer op 'n rekenaarprogram wat die verdiskontereerde netto teenswoordige utiliteit van projekte simuleer.*

Promotor: Prof. J. van der Meulen.

## DIE GRAAD M.D.

SCHOONEES, Rikus

*Proefskrifonderwerp: A study of the endocrine control of the prostate gland in relation to the etiology and the treatment of prostatic carcinoma and benign prostatic hyperplasia.*

Promotor: Dr. J. N. de Klerk.

## DIE GRAAD LL.D.

VAN DER HORST, Johannes Cornelius

*Proefskrifonderwerp: Die leerstuk van die 'Undisclosed Principal'.*

Promotor: Prof. J. C. de Wet.

## DIE GRAAD D.E.D.

VAN LILL, Gideon Johannes

*Proefskrifonderwerp: Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (S.A.O.U.) 1905-1970.*

Promotor: Prof. P. S. du Toit.

## DIE GRAAD D.PHIL.

VAN ROOYEN, Justus Wynand

*Proefskrifonderwerp: Die disorganisasie van gedrag onder hoë druk.*

Promotor: Prof. J. M. du Toit.

## DIE GRAAD D.S.C. IN HOUTKUNDE

VERMAAS, Hendrik Francois

*Proefskrifonderwerp: The dielectric Properties of Wood.*

Promotor: Prof. K. B. Borgm.

## DIE GRAAD P.H.D.

VOGTS, Maria Murray

*Proefskrifonderwerp: Die geografie en geografiese variasie van Protea cynaroides.*

Promotor: Prof. P. G. Jordaan.

## Stipendia en Medaljes Oorhandig Tydens die Grade- en Diplomaplegtighede: 1971

### I. STIPENDIA

#### 1. Koningin Victoria-stipendium (R1 600 p.j. vir 2 jaar)

Kandidate uit die afdeling Latyn, Grieks, Frans, Duits, Teologie, Opvoedkunde, Semitiese Tale, Liggaamlike Opvoedkunde, Drama en Beeldende Kunste van die jare 1969, 1970 en 1971 het om dié Stipendium meegeding.

Toegeken aan: Dr. W. T. Claasen, M. A. (Semitiese Tale), *Cum Laude*, Desember 1969.

#### 2. Porter-Stipendium (R1 800 p.j. vir 2 jaar)

Kandidate uit die Fakulteite van Natuurwetenskappe, Landbou, Bosbou, Ingenieurswese, Geneeskunde en Tandheelkunde van die jare 1969, 1970 en 1971 het om dié Stipendium meegeding. Toegeken aan: Mej. M. M. van der Vijver, M.B., Ch.B., *Cum Laude*, Desember 1969.

#### 3. Abe Bailey-stipendium (R900 p. j. vir 2 jaar vir studie aan 'n Univ. in Groot-Brittannie)

Kandidate uit die Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie en Handel en Administrasie van die jare 1969, 1970 en 1971 het om dié Stipendium meegeding. Toegeken aan: Mn. J. M. Kirsten, M.A. (Filosofie), *Cum Laude*, Desember 1971.

### II. GOUE MEDALJES

#### 1. Die S.A.O.U.-Medalje vir die beste finalejaarstudent wat 'n primêre onderwysersdiplomakursus volg, aan mej. A. R. Olivier, H.P.O.D., *Cum Laude*.

#### 2. Die S.A.O.U.-Medalje vir die beste student wat 'n sekondêre onderwysersdiplomakursus volg, aan mej. J. P. von dem Bongart, S.O.D., *Cum Laude*.

#### 3. Die Professor P. A. van der Bijl-Gedenkpenning en die Professor A. I. Perold-Gedenkpenning vir die twee beste finalejaarstudente in Landbou, aan

(i) Mn. A. Louw, B.Sc. in Landbou (V. d. Bijl-penning)

(ii) Mn. A. C. Schmidt, B.Sc. in Landbou (Perold-penning)

4. Die Professor M. W. Black-Gedenkpenning vir die beste finalejaarstudent in Landbou met hoofrigting Pomologie, aan mnr. H. Ackermann, B.Sc. in Landbou.

5. Die S.A.O.U.-Medalje vir die beste finalejaar B.Ed.-student, aan mev. J. Groenewald, B.Ed., *Cum Laude*.

#### 6. Die Kanseliersmedalje

Hierdie medalje, wat deur die Kanselier, Sy Edele dr. B. J. Vorster, geskenk is, word toegeken aan die beste finalejaarstudent aan die Universiteit, en word toegeken aan mnr. J. M. Kirsten, M.A. in Filosofie, *Cum Laude*. (Hy het 'n gemiddelde van 86,9% tot en met die M.-graad behaal.)

### 'n Besonderse Voorstellingsparade

Op 8 Desember 1971 het 26 finalejaarstudente van die Militêre Akademie hul Aktes van Aanstelling (as offisiere in die S.A. Weermag) van die Eerste Minister ontvang.


By hierdie voorstellingsparade van die Militêre Akademie het drie studente spesiale toekennings ontvang. Lt. Theo (Fluitjie) Fonternel, 22 jaar gelede gebore op Vaalharts en grootgeword in Mafeking se

wêreld, het hom dubbeld onderskei; hy was nie net die knapste leerstudent nie, maar het ook die Akademie se eresabel verower as die student wat in sy akademiese en militêre vakke gesamentlik die beste gepresteer het. Tydens sy driejarige verblyf by die Akademie het Fluitjie, wat tans in Pretoria diens verrig in die Komptroleur se afdeling, ook diep spore op die rugbyveld getrap.

Die vlootstudent wat sy makkers uitgestof het, was O.Lt. Freddie Koetje (22). As student, praktiese see-man, rugbyspeler en -administrateur was Freddie 'n uitblinker. In die twaalf jaar sedert hy saam met sy ouers uit Nederland geëmigreer het, het hy inderdaad 'n volbloed Suid-Afrikaner geword. Sy mikpunt in die Vloot is om hom as spesialis navigasie-offisier te bekwaam.

Die 22-jarige Philip Willcock, seun van 'n Johannesburgse algemene praktisyne, was die trotse ontvanger van die Ad Astra-trofee, die Lugmag se toekenning aan hul knapste student. Sedertdien is die jong luitenant aan die Vliegopleidingskool te Dunnottar verbonde waar hy nog jonger manne leer hoe om die vliegkuns baas te raak.

L.n.r.: Lt. Willcock, O.Lt. Koetje, Genl. R. C. Hiemstra (destydse KG, SAW) en Lt. Fonternel.  
(Die foto is tydens die onthaal na die parade geneem, daarom het die K.G. nie sy pet op nie.)



# Bevorderings en Aanstellings

## HOOF VAN DIE LANDBOUKOLLEGE STELLENBOSCH-ELSENBURG

*Dr. J. E. (Tobie) Erasmus* is as hoof van die Landboukollege Stellenbosch-Elsenburg en as Direkteur van die Departement van Landbou-tegniese Dienste in die Winterreënvalstreek aangestel in die plek van wyle prof. I. S. Perold. Hiermee neem hy ook die plek van sy voorganger in die Raad van U.S. as benoemde deur die Minister, Dept. Landbou-tegniese Dienste.

Hy het sy B.Sc.-graad in Landbou in 1948 en in 1958 sy D.Sc.-graad te Stellenbosch verwerf. Hy was lank senior lektor in Landbou aan U.S. Onder andere het hy navorsing by die pluimvee-navorsingsentrum in Edinburgh gedoen. Voorheen was hy adjunk-direkteur van die Dept. L.T.D. in die Winterreënvalstreek.

## VOLTYDSE DEKAAN VIR NATUUR- WETENSKAPPE: PROF. W. L. MOUTON

Die Universiteit van Stellenbosch het besluit om 'n voltydse dekaan vir sy fakulteit van Natuurwetenskappe aan te stel. Prof. W. L. Mouton wat sedert 1965 professor in Fisika aan die Universiteit was, is met ingang 1 Januarie in die nuwe pos aangestel.

As in aanmerking geneem word hoe belangrik die basiese wetenskappe vir rigtings soos ingenieurswese en geneeskunde en die onderwys is, beseft 'n mens hoe belangrik dit geword het dat die saak groter aandag kry. Die Fakulteit van Natuurwetenskappe is slegs die tweede aan die U.S. wat 'n voltydse dekaan kry. Die ander is die Fakulteit van Geneeskunde, waar prof. A. J. Brink sedert 1971 die dekaan is.

## BEVELVOERDER VAN DIE MILITÈRE AKADEMIE

*Brig. Magnus Malan*, wat die afgelope vier jaar bevelvoerder van die Militêre Akademie op Saldanha was,

is aangestel in die plek van brig. Jan Fourie as Bevelvoerder van die Kommandement Westelike Provincie. Sy nuwe kantoor is dus in die Kasteel. Brig. Fourie is aangestel as direkteur van opleiding in die Leër. Brig. Malan het in 1969 die Suiderkruis-medalje ontvang.

Vir die Akademie was hierdie vier jaar 'n heel besondere tydperk. Kort na sy aanstelling het brig. Malan van die destydse Kommandant-generaal opdrag gekry om offisiersopleiding in die SAW onder die vergrootglas te plaas. In September 1968 het hy oorsee gaan lig opsteek; daarna het maande van beplanning gevolg. Uiteindelik is die „Malan-verslag“ deur die Weermag en die Universiteit van Stellenbosch aanvaar en moes uitvoerige voorbereiding op Saldanha getref word vir die praktiese implementering van die veranderde stelsel van offisiersopleiding. Dat die eerste kursusgangers van die „nuwe bedeling“ reeds in April 1970 deur die Akademie ontvang kon word, spreek boekdele vir brig. Malan se ywer en deursettingsvermoë.

Die nuwe opleidingsstelsel is veral op die *vorming* van die toekomstige offisier toegespits; dit behels algemene, wetenskaplike én militêre opleiding. Die volle kursus duur vier jaar en sluit nog steeds die verwerving van die graad B.Mil. in. 'n Belangrike nuwigheid is egter dat alle militêre opleiding tans saamgevat word in die laaste 15 maande van die kursus.

Vir die Weermag in die algemeen en die Militêre Akademie in die besonder het brig. Malan dus baanbrekerswerk verrig. As oud-student van die Akademie, gewapen met die Amerikaners se leerstafkursus en geskoold deur 'n verskeidenheid van weermagsposte (o.m. as bevelvoerder van Kommandement SWA) was hy inderdaad goed daarvoor toegerus.

*Kol. J. D. Potgieter*, wat tweede in bevel by die Akademie was, is bevorder tot brigadier en as die nuwe bevelvoerder van die Militêre Akademie aangestel. Hy is die eerste oud-student van die Akademie wat as

bevelvoerder aangestel is. Hy het sy B.Mil. in 1958 behaal.

(Sien berig en foto in *Matieland*, Augustus 1971, bl. 19.)

#### PROFESSOR IN REKENINGKUNDE


*Prof. J. A. Matthee*, gewese senior lektor in Rekeningkunde, is aangestel as professor in Rekeningkunde met ingang 1 Januarie 1972.

Nadat hy in 1957 die B.Comm.-graad aan U.S. verwerf het, het hy opleiding as rekenmeester ondergaan en het hy die S.T.R. in 1961 en die C.A. (S.A.) in 1962 verwerf. In 1961 het hy in diens van SANTAM getree waar hy in 1963 tot hoofrekenmeester bevorder is. In 1965 is hy aangestel as lektor in Rekeningkunde en kostberekening aan U.S. en in 1967 is hy bevorder tot senior lektor.

#### PROFESSOR IN GEOLOGIE

*Prof. W. J. Verwoerd*, sedert 1968 senior lektor in Geologie aan die Randse Afrikaanse Universiteit, is met ingang 1 Januarie 1972 aangestel as professor in Geologie.

*Prof. J. A. Matthee*



Hy het die grade B.Sc., M.Sc. (cum laude) en D.Sc. aan U.S. verwerf. In 1954 het hy in diens getree by Geologiese Opname. Vir sy M.Sc.-tesis het hy die Jr. Captain Scott-medalje en vir sy D.Sc.-proefskrif die goue S. J. Shand-medalje ontvang.

Hy het verskeie internasionale konferensies bygewoon, en het ook wetenskaplike ekspedisies na Marion-en Prins Eduardeiland (1964) en Bouveteiland (1966) vergesel. Hy is 42 jaar oud en getroud.

#### ADJUNK-DIREKTEUR VAN SPORT

*Mnr. I. F. Potgieter*, sedert 1/3/67 Eerste Administratiewe Beampte in die Departement van Ontwikkeling, is met ingang 1 Oktober 1971 aangestel as Adjunk-Direkteur van Sport. Hierdie is 'n nuwe pos in die Departement van Sport. Prof. D. H. Craven is deeltydse Direkteur van hierdie Departement.

Mnr. Potgieter is vandag een van die voorste atletiekafrigters en -administrateurs. Hy is getroud en het vier seuns wat bekende atlete en gimnaste is.

In verband met die sukses van die veelvolkige atletiekbyeenkoms te Kaapstad skryf Guy Lagorce van die Franse sportblad *L'Equipe* in *Die Burger* van 29 November 1971: „Van al die mense wat ek hier ont-

*Prof. W. J. Verwoerd*



moet het, wil ek een uitsonder : Ivor Potgieter, wat 'n sportyweraar is soos daar oor die hele wêreld heen maar min is".

## Ander Aanstellings

*Mnr. R. Herman*, as senior lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese.

*Mnr. H. B. van Zyl*, as senior lektor in Werktuigmindige Ingenieurswese.

*Dr. C. S. J. Steyn*, as senior lektor in Openbare Administrasie.

Prof. Verloren van Themaat wat 'n hippiebaard gedra het, sonder om na een te lyk;

Prof. Piet van Braam met sy fiets wat nasionale besit moes geword het;

Prof. Mortie Malherbe wat die verkeer laat stop het as hy agteloos oor die straat stap;

Prof. E. C. Pienaar wat dit beleef het dat Engels in sy huis by geleenheid die kombuistaal was.

Dr. Gericke het gepraat van daardie dae toe professore hierdie skitterende materiaal gehad het om voor klas te gee; toe jy nog 'n meisie op 'n sikspens na die Uitspan kon neem vir koffie – en tog net so 'n goeie vrou kry as enigeen deesdae!

### Kinders van die Alma Mater

Stellenbosch het baie om aan u te wys, maar die grootste trots is die mense uit die *stal* van u tyd.

Stellenbosch is nog dieselfde universiteit as in die verlede. Stellenbosch hoef nog nooit 'n ander se beeld af te getakel het om sy eie beter te laat lyk nie.

Stellenbosch het nog genoeg insig in die probleme van die dag om te weet dat hulle nie met slagspreuke opgelos kan word nie, maar in eerlike soek na die waarheid.

Stellenbosch se jongmense het grootgeword, maar steeds *kinders* van hulle alma Mater gebly!

DIE PRESIDENT VAN DIE KONVOKASIE  
EN VADER VAN DIE FAKULTEIT  
VAN HANDEL

Prof. C. G. W. Schumann het die gehoor bestempel as 'n uitgelese groep – en een rede daarvoor is dat

hulle die depressie geken het, want een van die grootste gevare vir 'n volk is oormatige weelde!

Dus . . . as u gewete u pla oor oormatigheid sal U.S. altyd gewillig wees om 'n deel daarvan te ontvang (!) het hy besluit.

## Die Konvokasie: 2 Desember 1971

PROF. H. B. THOM

Dit is so gereel dat die oud-Maties ook die vergadering van die Konvokasie kon bywoon.

Die hoofspreker van die aand was prof. H. B. Thom, oud-Rektor, wat so pas van 'n uitgebreide reis as gas van die Von Humboldt-Stigting uit Duitsland teruggekeer het. Mev. Thom het hom vergesel. Prof. Thom het net enkele indrukke van sy reis gegee. Ongelukkig

*Die Rektor is by die noenmaal deur sy vrou, mev. Geraldine de Villiers, verteenwoordig. Sy het letterlik die oud-Maties aan haar voete gehad met haar gevatte toesprakie.*

*L.n.r.: Dr. P. E. Rousseau, mev. Bettie Gericke, prof. J. C. de Wet, mev. G. de Villiers.*



kon hy nie praat oor studentesake of universiteitsake nie, omdat hy reeds beloftes gedoen het om op versoek 'n paar stukke oor dié twee onderwerpe te skrywe. Dit sal dus op 'n ander wyse onder die aandag van die konvokasielede kom, anders moes hy in 'n hoë mate herhaal wat hy besig was om op skrif te stel.

Hy het egter oor ander sake gesels wat almal geïnteresseer het – veral sy uitbeelding van die jongste toestand in Wes-Duitsland t.w. politieke strominge, kommunistiese invloed en sekere morele opvattinge. Vir 'n geskiedenisman soos prof. Thom was die Duitsers se gebrek aan belangstelling in die geskiedenis, veral in hulle eie resente periode, baie opvallend. Dit geld veral die jongmense, omdat hulle grotendeels skaam is vir die jongste periode en teleurgesteld is oor wat die ouer geslag aan die jonger geslag nagelaat het, soos o.a. twee wêreldoorloë.

'n Sterk moderne tendens is die demokratisering. Alles moet gedemokratiseer word – universiteite, sosiale lewe, e.d.m., maar nou gaan hulle na die ander uiterste deur demokrasie, wat fundamenteel met bestuur te doen het, toe te pas op ander aspekte van die lewe. Dit is vandag ondenkbaar dat 'n Duitser die woorde van Bismarck sal gebruik t.w.: „Die Ryn is Duitsland se rivier, nie Duitsland se grens nie”.

Maar in die moderne Duitser is ook nog veel goeds oor. Dit is net toewyding en baie harde werk wat die Duitser kon bring om in die na-oorlogse tydperk te kom tot waar hy vandag staan.

Die notule van die vergadering sal weer, soos vanjaar, in 'n latere uitgawe van *Matieland* verskyn.

## Oud-Maties se Joernaal-Aand

Uit die staanspoor is daar grappies vertel op die eerste aand waarop die ou manne en vroue in Harmonie vergader het. Met kragtige krakerige stemme, maar met minder suwerheid van die singers se kant en minder lenigheid van die dirigent (dr. Piet Loots, intervarsity 1934) se kant is die aand met intervarsityliedjies geopen. Die onvergetlike (nou met 'n sierlike gryskop) Jack Greenstein het voor die klavier gaan sit en die pianis van 1929 het die klavier ewe bekwaam as vroeër bespeel.

Dr. Piet Loots het daarop sy maroon manelletjie wat hy in 1934 as dirigent gedra het, aan Wilgenhof (sy ou koshuis) oorhandig. Mnr. Andries Esterhuyse het dit namens Wilgenhof ontvang.


Dr. Fire van Vuuren, intervarsitydirigent van 1929, die laaste Intervarsity op die ou „pawiljoenveld”, het ook kans gekry om die stokkie te swaai. Dit was glo sy grootste prestasie, sê hy. Hy het *Matie se peper* laat



*Mnr. Jaap van der Merwe, oud-inspekteur van skole*



*Mnr. Fanie Theron, Direkteur van Onderwys in Kaapland, die voor-sitter van die joernaalaand op 1 Desember 1971.*



*Prof. Kallie Heese*

sing om hulde te bring aan die skrywer, Victor Potgieter, die pianis vóór Jack Greenstein.

Die res van die aand het verloop onder die voorstitterskap van mnr. Fanie Theron (tans Direkteur van Onderwys, Kaapland). Hy het die vergaderdes bestempel as die mense wat eintlik die Universiteit en Suid-Afrika gemaak het, omdat dit dié mense was wat in die swaarste tyd van die land se bestaan op Universiteit gebly het en die pad moes oopveg.

Die Voorsitter het vertel hoe Roscar du Toit, die doopkaptein van Dagbreek in daardie tyd die „War cry of Aberdeen“ een nag bulderend by Harmonie laat uitvoer het: „Hier tel ek 'n mes op – dis 'n rotkerf. Dis myne!“

#### JUNIORDAG

Mnr. Jaap van der Merwe, in 1929 die Juniordagkaptein, het die instelling van Juniordag (wat in 1935 begrawe is) in herinnering geroep. Dit was die tyd toe fietse nog sterk genoeg was om professore met al hulle geleerdheid en waardigheid te vervoer, behalwe vir dr. Gawie (dr. G. G. Cillie senior); toe dr. E. C. (Pienaar) en dr. Gawie dit hulle plig geag het om die studente se voete op die nasionale pad te plaas. Dit was die tyd toe die studente baie beter as vandag ver „pak“ was.

In dié tyd was Juniordag oor 'n tyd van omtrent agt jaar die uiting van 'n studentegier. Dit was blyt 'n

stukkie georganiseerde stoutigheid van studentekant waardeur die orde van daardie dag omver gewerp is, hoewel sommige studente op ongeoorloofde wyse aan opgekropte gevoelens teen dosente uitging gegee het. Verder was die tweedejaars jolig.

Volgens Oom Klaas Broekies (Basson) het die studente aan die einde van die jaar by die huise van die professore gaan sing – 'n loflied as hulle van hom gehou het, en eweredig anders om.

In 1921 het die eerstejaars verlof van die studenteraad gekry om 'n Juniordag te organiseer. Die skok vir die dosente en die publiek was 'n bietjie groot en te veel onverantwoordelikhede is aangevang. Die eerstejaars van 1922 kon dus nie ook sodanige verlof kry nie. In 1923 is aan die tweedejaars verlof toegestaan in die hoop dat sake beter sou verloop. Die aangewese leier was ene Meiring Naudé! Sake het baie ordelik verloop!

Dit was 'n beginsel dat slegs die uitvoerende bestuur die dag, wat streng geheim gehou is tot die laaste môre, sou bepaal. Klasse is verdaag en dosente se humeur is vertroebel.

Gunstelingprofessore het lig afgekom en lank op strategiese plekke pos ingeneem om te sien wat met hulle kollegas gebeur. Hare is omgekrap, 'n paar vragies is gestel, hoed en baadjie word vervorm en weer opgesit en aangetrek. Sekere dinge was egter minder mooi en welvoeglik. Daarna is die skole verdaag. Oubaas Paul (Roos) was altyd baie inskiklik, maar

mej. Thiery (Denneoord) was nie so inskiklik nie! In die „guillotine-jaar” is 'n klompie dosente onthoof. In een geval het 'n pampoen uitgerol waar die hoof verwag is.

Dr. Con (de Villiers) moes oor geheime informasie beskik het. As jy jou oë uitvee, is hy met sy Buick in die strate – toegepak met damestudente. Na die begrafnis van Juniodag in 1935 het Lentedag sy plek ingeneem.

#### DIE DU PLESSIS-SAAK

Prof. Kallie Heese het 'n lang draai gegooi om by bogenoemde saak te kom. Die destydse studente het nie veel geweet van wat eintlik aangegaan het nie, want wat het hulle werkelik geweet van die bron waaruit Moses sy eerste vyf boeke sou saamgestel het? Selfs prof. Heese se dierbare professor in die Ou Testament kon ook nie eintlik veel ligwerp nie, maar dag vir dag het die studente in die nuwe kerk (Stellenbosch-Sentraal) na daardie saak gaan luister – en gewonder hoekom die Ring so onnosel was om die saak op Stellenbosch te kom verhoor. So iets moes mos in 'n geslote kring besleg word. Die betoë aan weerskante was egter besonder interessant.

Eintlik was die Du Plessis-saak 'n gebeurtenis wat verby gegaan het en as jy agterna daaroor dink, dink jy nie aan waaroer die mense gestry het nie, maar wel *wie* dit was, en *hoe* hulle hulle sake gestel het.

Daarom was dit in later jare 'n wonderlike riem onder die hart om te weet dat dr. D. R. Snyman ook nog vir prof. Du Plessis gaan sê het dat hy jammer is oor die *manier* waarop hy opgetree het. As ons by al ons grootmenswaardighede en stryery tog maar net wil onthou dat ons ook *mense* is.

#### DIE VOORTREKKERS SE OOM KALLIE

Prof. Heese het voortgegaan en vertel hoe Die Voortrekkers in 1931 op Stellenbosch tot stand gekom het. Gedurende die eerste jaar mag Stellenbosse Voortrekkers onder leiding destyds van homself en Hansie Cillié geen uniform gedra het nie. Die reël was: Eers 'n Voortrekker in jou hart en dan na buite. Manne soos Chris Murray, Jaco van der Merwe (reeds heengegaan), Gerhard Beukes, Japie le Roux, Bertie Lombard en Pam Brink was besondere jongmannetjie wat hulle dienste aan die seuns gegee het. Oom Kallie wonder of ons besef wat genoemde manne beteken het en watter indruk hulle kragtens hulle karaktere gemaak het.

#### DIE FEESTELIKE INGEBRUIKNEMING VAN DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING (1933)

Ds. Tommie van Arckel het sy onderwerp gaan haal by genl. Smuts en prof. Brummer en die A.N.S.-vergadering van 1935 in die Rec toe 'n jong professor van Potchefstroom die rede gevoer het oor die nasional-sosialisme en sy betekenis vir die Afrikaner en hy die beweging as wonderlik vir die Afrikaners aanbevel het. Die Voorsitter van die vergadering het by daardie geleenthed die „tragiese” fout begaan om prof. Brummer te vra om die besoekende spreker te bedank. Die pylreguit eerlike prof. Brummer het gesê dat hy in sy lewe nog nooit so verbaas was nie. Ons voer 'n man in uit die enigste christelike universiteit na hierdie vesting van die heidendom om met ons te praat oor 'n heidense beweging en hy noem dit Christelik! In die volgende vyf minute het prof. Brummer die nasional-sosialisme oopgevlek tot almal se duidelikheid en die spreker bedank vir sy groot moeite en koste om na Stellenbosch te gekom het.

Die jaar 1933 was waarskynlik een van die swartste jare wat S.A. geken het – nog steeds die depressie en droogte. Die studentetal aan U.S. het gevallen tot onder 800 en selfs 'n klein koshuis soos Wilgenhof het byna elke week studente verloor omdat die ouers hulle laat terugkom het na die karooplase – want „die wol is nie vanjaar verkoop nie, daar is nie geld om te betaal nie” en van beurse was nie sprake nie. Maar in daardie jaar het iets wonderliks gebeur – die Bybel het in ons eie taal verskyn.

Ds. Van Arckel het gevra of sy toehoorders kon onthou wat hulle Bybel lees vóór 1933 uit die ou Statevertaling was, en wat dit ná 1933 was. Op daardie oomblik het ds. Van Arckel vir ds. Gerrit Bruwer in die gehoor aangespreek en gesê: „Daar is die man wat nou moet praat, want hy was die hooforganiseerder van die fees op Stellenbosch in die destydse ,nuwe kerk’”.

Onvergetlike mense het opgetree en die groot triomf was: „Ons hoor nou van die groot dade van God, elkeen in sy eie taal”.

Tans is ds. Van Arckel self in die Bybelgenootskap en help hy om 'n nuwe Afrikaanse vertaling te bewerkstellig. Hy het onlangs teruggeblaai in die leggers en geskiedenis van voor 1933. Die eerste Bybelvertaling het in die Paarl begin, met die Genootskap van Regte Afrikaners, maar die tweede op Stellenbosch in 1914 toe 'n jong student, B. B. Keet, hier 'n toespraak voor die Afrikaanse Kultuurvereniging gehou het (Nie waar nie, Gerrit?) oor die Bybel in Afrikaans. Dit het

die stoot gegee tot die offisiële begin om die Bybel te vertaal.

Die feestelike geleentheid in die nuwe kerk is hoofsaaklik deur jongmense bygewoon – studente en kinders; nie baie oumense nie. Die oumense het eintlik daarteen geprotesteer! Selfs baie predikante en Stellenbosse ouderlinge! Daar was darem ook andere soos prof. E. C. Pienaar en desgelykes. Die Bybelgenootskap het leggers vol proteste ontvang en daar is deur die skrywers gedreig om hulle geldelike ondersteuning aan die Bybelgenootskap te onttrek! Selfs Ringe het so besluit!

Nou is die behoefte aan die nuwe vertaling reeds daar. Nou is die protesteerders dieselfde jongmense wat in 1933 halleluja gesing het oor die verskyning van die Afrikaanse Bybel. Hulle redes vir vandag se protes is identies dieselfde as wat in 1933 deur die oumense gebruik is – ons huidige Bybel is goed genoeg!

Ds. Van Arckel het die gryskoppe voor hom aangespreek en gesê: Ons is nou die bewaarders van die tradisies, maar laat ons tog nie verstok raak nie! Ek weet alles wat nuut is, is nie goed nie; alles wat oud is, is nie sleg nie; maar alles wat oud is, is ook nie goed nie en alles wat nuut is, is ook nie sleg nie. Ons hoop dat daar oor 'n klompie jare 'n groot nuwe fees op Stellenbosch sal wees wanneer die nuwe Afrikaanse Bybel sal praat met vandag se jong mense in die taal waaraan hulle sal jubel.

#### DIE A.N.S.-NUSAS-STRYD

Prof. Willem Kempen is aan die woord gestel, maar omdat nie een van die vorige sprekers hulle by hulle onderwerpe bepaal het nie, het hy begin met die onderwerp waaroor ds. Van Arckel gepraat het. Hy neem ds. Van Arckel kwalik dat hy nie van Stellenbosch se reaksie oor die Bybelvertaling gepraat het nie. Hier was Oom Jan Knorhoek (Van Niekerk) wat ook die fees, waar 'n sekere jong student Willem Kempen ook opgetree het, bygewoon het. Toe dié Kempen Oom Jan vra wat hy van die nuwe Bybel dink, sê Oom Jan hy wil niets daarvan weet nie, omdat . . . 'n mens te veel daarvan verstaan . . . en as die Here wou gehad het ons moet alles verstaan, sou Hy van die begin af so gesê het!

Nou, die storie van die A.N.S. Prof. Kempen het verwys na die artikel van prof. Ben Marais in *Matieland*, Desember 1971, waar die hooftrekke reeds gegee is.

Hier op Stellenbosch was die agtergrond i.v.m.

Nusas effens anders as in die Noorde, waar die noordelike Afrikaanse universiteite „uit“-gestig het. 'n Kwinkslag van Johan Buhr werp lig op die besondere Stellenbosse situasie. Hy was vir die Nusas-parlement op Durban waar gedebatteer is of daar matighedswetgewing behoort te wees.

Een van die deelnemers het by wyse van voorbeeld vertel dat omdat daar nie matighedswetgewing was nie, hy in twyfelagtige geselskap beland het, en dit was min skeel of hy was permanent daarmee heen! Dus moet daar die nodige wetgewing wees.

#### Black Sheep and White Horse

Daarop vlieg Johan op en sê: Mr. Speaker, Sir, with all appreciation for the honourable member of . . .'s difficulties I want to remind this house that there were black sheep in this world before there was white horse (whisky). Op Stellenbosch het ons nie 'n minderwaardigheidskompleks gehad nie.

Later was die saak 'n bietjie ingewikkeld. Ek weet nie of dit 'n probleem was van 'n minderwaardigheidskompleks of van minderwaardigheid nie. As daar minderwaardigheid by die Afrikaner was, moes hy opgehef word; as daar 'n minderwaardigheidskompleks was, moes hy ook opgehef word.

Daarom het Stellenbosch meegewerk aan die stigting van die A.N.S. en in die notule van daardie vergadering sal die name van die Stellenbosse lede en hulle voorstelle i.v.m. die konstitusie baie dikwels opgemerk word.

Op die oomblik beleef ons op Stellenbosch 'n taamlike mate van twyfel en kritiek wat t.o.v. Stellenbosch uitgespreek word. Ernstige vrae word gestel, en Stellenbosch word as liberaal beskou, terwyl dit tog vir ons lyk asof die situasie nie wesenlik anders is as wat dit in '33 en '34 was nie.

Wat het toe op Stellenbosch gebeur? Ons moes skielik teen ons oortuiging agterna hardloop. Op Stellenbosch is in die Anneks vergaderings gehou en 'n sekere man het verskriklik teen Nusas oreer. Hy het gesê dat 'n man wat met Nusas saamwerk, verraad pleeg en die man wat in Engeland gaan studeer, verraa die Afrikanerdom.

Allawêrel! Dit was Helm van Zyl (nou Regter) of John Malan – John sê dit kan hy wees, want hy was driflig in sy jonger dae. Hy loop nie met die trappies van agter af vorentoe nie, maar hy loop met sy groot voete bo oor die rugge van die banke om voor te kom om te protesteer, want die posisie was dat die toenterydse kanselier van U.S. regter Hennie van Zijl was.



Dr. J. T. M. van Arckel



Prof. Willem Kempen



Prof. G. G. Cillié

Hy het in Oxford gestudeer en was die voorsteer van die Oxford Union, maar dit was hierdie selfde regter Van Zijl wat die eerste man in S.A. was wat 'n uitpraak in die hooggereghof in Afrikaans gegee het! En hier kom 'n man ons op Stellenbosch wys maak dat as jy in Engeland gaan studeer, dan pleeg jy verraad! Dit kon ons nie sluk nie.

Ons het nie aan 'n minderwaardigheidskompleks gely nie. Ons kon onself binne Nusas baie goed handhaaf.

#### *Wat het van die liberalisme geword?*

In 1933/34 is ook soos nou in 1970/71 gesê: Ja, dié Stellenbosch is liberalisties. U moet maar kyk wat van ons geword het. Kyk maar hoe liberalisties het Ben Havemann (tans Administrateur in Natal), Sampie Froneman (tans Administrateur in O.V.S.), die Luckhoff's en Jacob van der Merwe en Tom van Arckel – die hele boksemduis van ons – geword?

Wat ons toe belewe het, is wesenlik dieselfde verhaal as wat ons vandag belewe. Ons glo dat ook wat vandag betref, die mense wat 40 jaar later hieroor sal praat, daaroor sal lag, soos ons vandag lag oor soveel jare gelede.

Hierop het ds. Van Arckel nog 'n stuiwer in die armbeurs gegooi met: In die laaste Nusas parlementsverkiesing was daar twee kommunistiese kandidate op Stellenbosch. Hier was die Nasionale Party, die Verenigde Party, die Sentrale Party (wat parallelle parlemente vir wit en swart voorgestaan het) en die Kommunistiese Party wat twee kandidate gehad het, t.w. . . .

en . . . (Vandag twee vooraanstaande konserwatiewes! Red.) Die gehoor het geskater van die lag . . . Ai, ons was ook maar onverantwoordelik!

#### DIE ONPLEGTIGE INWYDING VAN 'N ORREL

Op aanhitsing van dr. Gawie (Cillié) was dr. Krit (sien ook die berigging onder: *Afskeid*, i.s. dr. J. H. Kritzinger) verplig om te vertel hoe die feestelike in gebruikneming van die nuwe elektriese orrel in die nuwe kerk aan die einde van die twintiger jare verloopt het.

Dr. Krit vertel:

Die Moederkerk het 'n outydse orrel (meganies) gehad, maar die nuwe kerk het 'n elektriese orrel gekry. Die orrelis was prof. Jannasch. Jy het hom nooit hoor praat nie – hy het so 'n groot bos baard gehad! Op sy ou dae het hy ook reeds bewerig gespeel . . . , maar die orrel moes ingewy word!

Prof. (Hans) Endler het vir ons (die strykorkes) gesê: julle kom speel! Ons vra vir hom die musiek om darem te oefen, want ek was 'n vioolspeler. Maar hy sê: Aag, dis nie nodig om orrelmusiek te ken nie. Die note is net sulke laaang note (volgens die beduiery omtrent 'n armlengte). Jy tel sommer agt vir 'n noot! Dis nie nodig om by die huis te oefen nie. Uiteindelik sit prof. Jannasch voor die nuwe orrel, die hele kerk is vol mense en die stryksters sit rondom die orrel – eerste en tweede vioolspelers, tjello, ens. Prof. Jannasch beginne speel. Dit het mooi gegaan, maar ons gewaar naderhand dit is een

f, en dis twee f's – dis nuu baie hard – en dis naand by drie f's en dis later by forte, forte's en fortissimo of wat die goed ook al gencem word, maar ons speel later vier f's en dit word al harder.

Ek hoor naand nik meer wat ek speel nie. Ek sit my oor plat op die viool, maar nee! Kan nie hoor nie! En dit hou aan! En ons sien naderhand Tarzan Anderson (hy is nou 'n dominee) is aan die end van sy bladmusiek. Hy kyk so rond na die ander mense en ... hy blaai terug! En hy speel weer dieselfde oor. Langs hom staan groot ou Fanie Swanepoel, en ons twee saag lustig voort en ons lag vir Anderson met die scort laggie van :A, ek is beter as jy!

Dis nie lank nie toe is ons ook aan die end van die musiek. Wat nou? Ek kyk so 'n bietjie rond! Voor het mej. Baby Basson gestaan. Sy was die beste vioolspeler van die spul. Sy staan heel voor en sy saag net! Ek stamp aan Swanepoel en ek wys na Baby Basson en sê: Ons maak nou net soos wat Baby Basson doen.

As Baby Basson so hier op die bassnare lekker trek, dan bas ons ook ... Elk geval ons het gespeel, geblaai, en heen en weer geblaai – en in die tussentyd sien ek ons vriend Grawie – daardie een wat my nou aan die woord gestel het – sien ek, maar dié man kruip hier op sy knieë rond! Ek dag: Wat gaan nou aan? Hy

Watter herinnering wek so 'n antieke album tog nie?  
(L.n.r.) mev. Pieta Bosman, dr. J. H. Kritzinger (die man met die orrelstorie, en afgetrede dosent),  
mev. Annie de Bruyn (prinsipale van Huis de  
Villiers) en dr. Pietie Bosman.



kruip hier onder rond. Hier om die draai, dan is hy weer duskant toe. En ek kyk naderhand, maar hy is mos met prof. Jannasch se voete besig!

Nou ja, dit het aangegaan en aangegaan en ons het later tot stilstand gekom en nie meer geblaai nie. Eindeelik hou die spul op. Toe dit stil is, hoor ons agterna, wat gebeur het. Prof. Jannasch was gewoond aan die orrel in die Moederkerk, 'n outydse orrel met al die knoppies en stoppe wat dit gehad het, en toe hy by die nuwe orrel kom, is hy heeltemal op sy senuwee, weet nie wat hy maak nie en raak met die knoppe deurmekaar, die voete span styf en hy trap daai basnote en die ding bulder dat dit skud onder die mense.

Ek vra later vir die mense hoe dit gegaan het. Hulle sê: „Allerpragtigs! ... die banke het heerlik gebewe onder ons“.


(Die redakteur weet ook maar min van dié sakie af, maar dr. Grawie moes glo uiteindelik manipuleer tussen die pedale van die swelkas en die crescendo. Onnodig om te sê, maar dr. Krit se gehoor was uiters luidrugtig tydens die vertelling.)

#### CHINESE INFILTRASIE

Op Donderdag, 2 Desember, het prof. Hans Jansen 'n lesing voor die Oud-Maties en ander gaste gelewer oor die Chinese Infiltrasie in Suidelike Afrika. Dit is nie moontlik om in kort bestek reg te laat geskied aan sy toespraak nie – wat gedeeltelik in die koerante gerapporteer is. Ons plaas egter een van die kaarte wat

Prof. Hans Jansen





hy ter illustrasie gebruik het. As u dit mooi bestudeer, sal u reeds 'n deel van die gevaar vir S.A. besef. Hierdie kaart sal vir u ook waarde hê om die huidige politieke ontwikkelinge en strategie in suidelike Afrika beter te begryp.

Prof. Jansen is hoof van die departement Afrika-Studie van U.S.

AKADEMIE VEREER U.S. RAADS LID  
P. A. WEBER

Pr. Phil Weber, Raadslid van U.S. en voorsitter van die direksie Nasionale Pers, het vanjaar die Markus Viljoen-medalje vir joernalistiese prestasies van die S.A. Akademie ontvang. Dr. Weber het reeds in 1926 as sportredakteur van *Die Burger* tot die joernalistiek toegetree.

#### Chinese infiltrasie.

#### DIREKTEUR VAN DIE HANS MERENSKY-TRUST

Prof. P. C. de Villiers van die Fakulteit van Bosbou aan U.S. is aangestel as 'n direkteur van die Trusteemaatskappy in die plek van wyle dr. G. S. J. Kuschke.

#### LID VAN DIE RAAD VIR NASIONALE GEDENKWARDIGHEDDE

Prof. Frans Smuts (Latyn) is benoem tot lid van boegemelde raad in die plek van dr. J. du P. Scholtz wat na 21 jaar uitgetree het.

Prof. Smuts beywer hom reeds lankal vir die bewaring en restourasie van historiese geboue. Hy is



voorsitter van die Stellenbosse komitee van die Stigting Simon van der Stel en een van die oorspronklike aan-deelhouers van die maatskappy Histories Huise van S.A. Bpk.

#### STELLENBOSSERS ONDER DIE OU-TESTAMENTICI

Die Sewende Internasionale Kongres vir Ou-Testamentiese Studies is in Augustus 1971 te Uppsala, Swede, gehou. Ongeveer 350 afgevaardigdes, selfs van agter die ystergordyn was teenwoordig. Prof Charles Fensham van U.S., wat ook lesings gegee het, en prof. Jan van Zijl, ook 'n oud-Matjie van U.P.E. het Suid-Afrika verteenwoordig.

Die twee Afrikaners is vriendelik ontvang en is veral deur die Sweedse geleerde met vriendelikheid oorlaai. Dit was vir hulle 'n besondere voorreg om daar in die verre vreemde van verskeie geleerde te kon verneem van die hoë agting waarmee hulle die Universiteit van Stellenbosch bejeën.

Mnr. Willem Theron is van 1 Februarie 1972 aangestel as Direkteur van Kleurlingonderwys in die plek van mnr. Len Möhr wat afgetree het.

Ds. Daniël Louw, wat die afgelope jaar in Tubingen, Duitsland, met doktorale studie besig was, is terug in S.A. Hy het te Stellenbosch die M.A., B.Th. en die Lisensiaat in Teologie almal met onderskeiding behaal.

Dr. Robert v. S. Smit, Adjunk-sekretaris van Finansies,

*Die Ou-Testamentici is só ongeorden op die foto dat prof. Van Zijl slegs met moeite aangedui kan word, maar prof. C. Fensham staan van almal (letterlik) die verste links.*

is met ingang Junie 1971 aangestel as Suid-Afrika se Alternatiewe Uitvoerende Direkteur in die Raad van die Internasionale Monetêre Fonds te Washington (V.S.A.). Dr. Smit het die graad D.Comm. aan U.S. behaal met proefskrif: Suid-Afrika en die Internasionale Handelspolitiek. Hy sal waarskynlik drie jaar oorsee wees.

Dr. G. P. C. de Kock, die voorganger van dr. R. Smit, is bevorder tot Adjunk-president van die Reserwebank.

Mnr. W. H. Barnard wat die afgelope  $26\frac{1}{2}$  jaar hoof van die Jan Kriel-skool vir epileptiese kinders op Kuilsrivier was, is aangestel as senior lektor in buitengewone onderwys aan Unisa.

HULDEBLYK AAN MNR. A. F. KOCK,  
B. A. (1938), LL. B. (1940), GEBORE  
5/5/1917 EN OORLEDE 7/9/1971

Deur die Oud-Maties van Klerksdorp

Antonie Francois Kock is nie meer daar nie, maar sy nagedagtenis sal ons wat hom geken het altyd by bly. As Oud-Maties van Klerksdorp bring ons hulde aan hierdie voortreflike vriend van ons. Hy was nie alleen



Mnr. A. F. Kock

gesênd met 'n hoë intellek nie, maar ons het hom ook geken as 'n eerlike, opregte en toegewyde mens. Sy lewensdoel was altyd duidelik, daarom kon hy met groot onderskeid sy roeping vervul.

Alhoewel hy ons op slegs 54-jarige leeftyd ontval het, het hy diep spore getrap in die gemeenskap van Klerksdorp wat hy oor die afgelope 27 jaar as stads-klerk en op vele ander terreine gedien het.

As Oud-Maties van Klerksdorp sal ons ook sy doelgerigte leiding in sake wat die Alma Mater raak, mis omdat hy ook hier jare lank die leiding as voorsitter van die oud-Matiesbond geneem het. Die Alma Mater was deur alle jare heen na aan sy hart, en sy twee oudste dogters studeer tans op Stellenbosch.

Saan met die hele gemeenskap van Klerksdorp treur ons oor sy heengaan, en dra langs hierdie weg Oud-Maties graag ons opregte simpatie en meegevoel oor aan mev. Koch en haar kinders.

(In *Matieland* van Desember 1971 is slegs 'n kort berig geplaas weens gebrek aan ruimte.)

Mnr. Max M. M. Loubser, voorheen Departementshoof van Engels aan die Wellingtonse Opleidingskollege, het die betrekking van senior assistent by die departemente Buro vir Navorsing aanvaar.

Mnr. J. J. Barnard (B.Sc. (Stell.) 1949) M.Sc., voorheen Asst-Hoofskeikundige van die Kaapse Stadsingenieursdepartement, is verlede jaar aangestel as Hoofgesondheidskeikundige in die tak Bedryfsgenees-

kunde van die Staatsdepartement Gesondheid. Dit is 'n nuwe pos met die doel om waterbesoedeling te beheer. Hy is tans by Unisa ingeskryf vir Ph.D. Hy sal moet fluks studeer, want sy vier kinders is kort op sy hakke!

Dr. W. A. Verbeeck (D.Sc. Landbou, 1958) het die goue medalje van die S.A. Veterinêre Vereniging vir Diereproduksie ontvang. Hy is ook bevorder tot Sekretaris van die Dept. Landbou-tegniese Dienste.

#### OUDSTE OUD-MATIE NOORD VAN DIE VAAL

Wie is daar in Transvaal, of verder noord, wat kronologies vir mnr. F. P. J. du Toit (gebore 20/11/1886) in ouerdom kan klop? Hy het in 1916 die B.A.-graad behaal. Akademies is dr. C. F. Krige egter ouer, aangesien hy van 1910-1912 op Stellenbosch was. Mnr. Du Toit werk nog elke dag op Lydenburg in 'n prokureurskantoor om die pot aan die kook te hou! Dit wil gedoen wees!

#### Exit Nusas

Mev. Elsie du Plessis (geb. Strydom) (B.Sc. Huis-houdkunde 1937) van Steynsburg het nog meer lig om te werp op die woelige jare toe Nusas verwerp is. Ons gee die volgende interessanthede uit 'n brief van haar.

#### Joy and abomination

In die Augustus 1934-uitgawe van *Die Stellenbosch Student* skryf die redakteur: *Stellenbosch and the NUSAS: „During the past year the above topic has often appeared in print as a favourite headline in various South African newspapers. To some the relationship of Stellenbosch with NUSAS has been a cause of joy, to others a source of abomination.“*

#### Nusasparlementslede

In April 1934 bied die redaksie van *Die Stellenbosch Student* die verkose lede vir die Nusasparlement die hand van warme gelukwensing. Die volgorde van die verkose lede was:

- Ben Marais – Sentrale Party
- S. C. Zondagh – Republikeinse Party
- James Yeats – Republikeinse Party
- D. John Malan – Volksparty
- J. Lepel du Toit – Volksparty
- Piet H. G. Jordaan – Sentrale Party

Hennie L. Swanepoel – Sentrale Party  
Barzillai Coetzee – Sentrale Party  
A. P. Smit – Volksparty

April 1934 – Nuusgalme

Die Sentrale Party moes dit ontgeld met :

Mnr. Barzillai Coetzee het sy mammie verlaat,  
En hierheen gekom om die waarheid te praat,  
Maar hy't die waarheid gestaak,  
Vir hom 'n naampie gemaak,  
En gestaan vir 'n groot Sentraal-kandidaat.

Die Republikeinse Party is bygekom met :

Mnr. Pienaar het hom 'n snor laat kom,  
Vir 'n Republikeinse Bruidegom,  
Maar die snor was te swaar,  
En die bruidjie te naar –  
En snor en bruidjie bly Brittedom !

Die Volksparty is onder hande geneem met :

Mnr. John Malan :  
'n Bitsige stryder teen sprinkane en flasies,  
Teen raspers, presidente en ko-operasies,  
Om die ander te flous,  
Met die ertjiesop sous,  
Van 'n quasi-verwaterde pa-party nasie !

Die Koshuise en Kees (Geldenhuys)

Dagbreek is Volksparty,  
Wilgenhof is Sentraal,  
en Kees is Liberaal !

Kwinkslae

J. J. Loots sê die Volksparty laat hom dink aan 'n dagoud mossie – pure bek !

John Malan sê die Sentrale Party is nes 'n sirkel – hy loop al parallel !

Toe Lepel du Toit vir Kees Geldenhuys vra wat hy met al die goud van die Rand wil maak, antwoord Kees : Goue lepels !

Nusas Misluk

In April 1936 kondig die *Stellenbosch Student* aan : „Ons het met 'n oorweldigende meerderheid besluit om uit Nusas te tree.”

In Augustus 1936 skryf die blad : „As Universiteit het ons besluit dat nie soseer die werklike doel van Nusas misluk het nie, maar dat die kanale waardeur die verwesenliking van die doel gesoek was, misluk het.”

Uit die November 1936-uitgawe kom die volgende uittreksel : „Die Stellenbosse student het gedurende die afgelope twee jaar vir homself begin dink. En die gevolg was dat 'n paar van die bewierookte 'heilige' tradisies met doodkis en al hulle weg in die see gevind het. Nusas het homself 'n oorbodige appendisitislyer getoon wat die Studente Unie jaarliks £100 aan hospitaalfooie gekos het en 'n paar studente die kans gegee het om 'n kursus as sirkus-harlekyns deur te maak. Ons het dit beter geag om hierdie sieklike tradisie in sy kis toe te spyker en vir altyd daarvan ontslae te raak.”

#### DIE OUDSTE OUD-MATIE EGPAAR ? GOUE BRUILOF VAN JAAR

Prof. E. G. Malherbe, oud-rektor van die Universiteit van Natal, skryf op 25 November 1971 soos volg vanaf By-die-See, Salt Rock, Natal, waar hy nou woon.

Hoewel ek nie my ou vriend en voorganger as Direkteur van Sensus en Statistiek, dr. Jack Holloway, in jare kan klop nie (sien *Matieland* van 3/12/71, bl. 37), want ek is eers in 1895 gebore, het ek gewonder of daar 'n Oud-Matie egpaar is wat ouer akademies (en miskien ook kronologies) as my vrou (geb. Janie Nel) en ek is.

Ons het mekaar as medestudente in 1915 op die ou Victoria-Kollege ontmoet en aanstaande jaar vier ons D.V. ons goue bruilof. Ek was op Victoria-Kollege en Universiteit Stellenbosch van 1914 tot 1919 en was in die eerste groep van studente wat die M.A.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het (1918), en die O.I. (Eerste Klas Onderwyserssertifikaat) in 1919, onder Oubaas Gawie Cillié.

Terloops kan ek ook melding daarvan maak dat wyle dr. T. E. Dönges en wyle mnr. C. J. van Dyk mede-redakteure met my was van die eerste Studentekwartaalblad wat onder die bedeling van die nuwe volwaardige universiteit verskyn het. Dr. Verno Brink, afgetrede en voorstaande spesialiteit in geneeskunde, het die ontwerp vir die buiteblad van die nuwe kwartaalblad geteken. Hy woon tans op die berge buite Piketberg.

Ek was dosent in die Fakulteit Opvoedkunde in die Universiteit van Stellenbosch in 1922.

Ek is seker dat u geïnteresseerd sal wees om te verneem dat wyle my ouers – ds. en mev. E. G. Malherbe van Villiersdorp – mekaar as studente op Stellenbosch in die vroeë negentiger jare ontmoet het. So ook het my skoonvader (wat vir langer as 20 jaar moderator van die Transvaalse kerk was) – ds. Paul Nel – en my skoonmoeder, mekaar op Stellenbosch ontmoet. My



Redaksie van die kwartaalblad toe die Victoria-kollege die Universiteit van Stellenbosch geword het (1917-18). L.n.r.: T. E. Dönges, C. J. van Dyk, E. G. Malherbe. (Foto : April 1918)

moeder en my skoonmoeder was kamermaats op Bloemhof-Seminarie en my vader en my skoonvader was tydgenote op die Kweekskool.

Die doel met hierdie familie-beduiery is om 'n aanduiding te gee van die jarelange verband wat Janie en ek as 'n oud-matie-egpaar met Matieland gehad het en met watter groot belangstelling ons die ontwikkelings aldaar nog volg. Die Universiteit Stellenbosch lewer bewys dat dit nie 'n stagnante inrigting is nie!

Hiermee stuur ek u weer my bydrae tot die *Matielandfonds* vir hierdie jaar.

*Matieland* wens hierdie oud-Matie egpaar nog vele jare van geluk en gesondheid toe by geleenthed van 'ulle goue bruilof vanjaar.

Dalk hou die Malherbes nog 'n rekord want in 1916 en 1917 het Ernie Malherbe en Janie Nel albei in die studenteraad gedien!

(Red.)



Sarie Erasmus, onderprimaria van Harmonie, ontspan 'n bietjie. Sy het na die gerief van die oud-studente omgesien. Soggens was daar selfs 'n koerant in elke kamer.

#### INTEKENING OP „DIE MATIE“: 1972

Indien daar nog oud-Maties en ander belangstellendes is wat wil inteken op *Die Matie*, ons tweeweeklikse Stellenbosse studentekoerant, word u vriendelik versoek of R1,50 as intekengeld te stuur aan : Die Sirkulasiebestuurder, *Die Matie*, Sanlamgebou 206, Stellenbosch. Oud-redakteurs is op gratis intekening gereg. Meld asseblief u volledige adres, aanspreekvorme en titels.

(Die volle intekengeld is R2,00 p.j., maar omdat 1972 al gevorder het, word slegs R1,50 gevra.)

# Studentebdrywighede

## Die Rugbyfees

Op Woensdag, 17 November 1971, het die Rektor 'n geselligheid aangebied om die briljante vertonings van die rugbyklub van Stellenbosch feestelik te gedenk.

Prof. De Villiers het die Stellenbosse klub bedank omdat met die loop van jare die spelers, afrigters en organiseerders die naam van Stellenbosch groot gemaak het. Hy het vermeld dat 970 van die 5484 mans aan U.S. in 1971 aan die rugbyklub behoort het.

Die Rektor het prof. Bun Booyens vervolgens (oorbodiglik) aan die gehoor voorgestel. Die geselligheid was huis in Eendrag, die koshuis waar prof. Booyens inwonende hoof is. Vir prof. De Villiers is prof. Booyens glo 'n interessante verskynsel want hy het opgehou met groei sedert die dag toe hy vir Seksie 2 van Dagbreek langs Salty du Rand in die skrum moes druk. (Die annale vermeld nie of Seksie 2 gewen het nie, maar dit staan vas dat Salty vir sy latere rugbyloopbaan waardevolle ondervinding opgedoen het.)

Prof. Booyens het begin met hoe hy op De Rust, buite die dorp op Blombult, rugby gespeel het. Die bult het veroorsaak dat jou teëstander altyd teen die horison op jou afgepeil het. Voorts het die grenslyne van die veld uit turksylanings bestaan. Eenmaal daar-in – en dit was klaar met jou rugbyloopbaan. Dit is die rede waarom hy nooit vir Stellenbosch gespeel het nie.

### Prestasies is relatief

Prof. Booyens het gesê Stellenbosch vier sy prestasies op die rugbyveld, maar prestasies is relatief, want jy moet ook die krag van jou opponent in aanmerking neem. U.S. se prestasies lê in die kompetisie teen die sterkes en in die Intervarsity. Hy bring dus hulde aan die klubs teen wie Stellenbosch speel en hy verwelkom dus die talle verteenwoordigers van die gedugte klubs wat Stellenbosch se opponente is.

Maar jou prestasies het ook alleenlik betekenis as jy weet wat om daarmee te maak – dit gaan nie so seer om die groot trofee nie! Hier word 'n tradisionele geskiedenis voortgesit van die dae 'n eeu gelede toe die eerste rugby op die Braak gespeel is. Stellenbosch was gelukkig om sterk bydraes tot rugby te lewer – as lid van die Westelike Provincie, die 101 Springbokke, die talle rugby-administrateurs, die keurders en skeidsregters wat oor die ganse S.A. versprei is. Oor die jare is aan duisende jongmense 'n kanaal vir gesonde ontspanning geskep en duisende toeskouers kon aangename ure langs die velde deurbring.

Die 65 spanne verg 'n omvangryke rugbyadministrasie! Die spelers self speel dikwels met groot persoonlike opoffering, want die akademie stel hoë eise! Die deursnee speler is 'n advertensie van jongmanne wat ook innerlik mooi is. Ernstige oortredinge kom baie selde by die rugbyspelers voor. Hulle leer om in vele opsigte 'n hele mens te wees.

Wanneer hy na die bekers en skilde kyk, heers groot dankbaarheid, nie net teenoor die spelers nie, maar ook teenoor die ouer garde wie se hande van liefde daaragt sit – Oubaas Mark, oom Alex van der Horst, prof. Ebbie Stegman, oom Bob Loubser, dr. Faantjie Pretorius, Wouter Hugo – en „Dok” Craven.

Die sportsekretaris, Jannie Krieger, moet vermeld word. Meer as 20 jaar is hy al 'n afrigter met die taak om eerstejaars „uit te vang”, gereed te maak en aan Dok te oorhandig.

Rugby moet altyd op 'n hoë peil gespeel word en op 'n hoë vlak beweeg. Rugby is meer as 'n sportsoort – in S.A. is dit 'n soort leefwyse, as't ware 'n volksfees. Onder die ouer garde van die spelers is die grootste name van ons volk. Rugby moes ook vir hulle iets beteken het. Ook aan die W.P. moet 'n bydrae gelewer word – vriendskap en onderlinge vertroue moet steeds kenmerkend wees.

## DOK

Prof. Craven het verder ryklik geput uit sy onvergelyklike rugbygeheue en -kennis, waarmee hy die gehoor geboei het. Die rede vir die sukses van U.S. op rugbygebied lê in die woorde van genl. Eisenhower na afloop van die Tweede Wêreldoorlog: „Gentlemen, we were a team!“

In 1880 het Stellenbosch sy eerste kleure gekry vir 'n wedstryd teen die Ikeys. Die geskiedenis meld dat hulle pak gekry het.

Van Oubaas Mark het Dok gesê dat sy beleid was: Suid-Afrika eerste, Stellenbosch tweede en W.P. „a damn bad third“. (Dié wat Oubaas Mark geken het, weet dat as hy jou sleg gesê het, het hy moontlikhede in jou gesien. Wat werklik swak was, was benede kommentaar. Red.)

Wat veral vir dr. Gawie Cillié (jr.) 'n verrassing was, was toe Dok hom vertel het dat sy vader, dr. Gawie sr., met 'n blommeskou £300 vir die pawiljoen op die ou veld ingesamel het!

## I HAVE ALWAYS PAID TRIBUTE

Dr. Louis Babrow, Vise-president van die W.P. Rugby-Unie het gesê:


I have always paid tribute to Stellenbosch and their rugby, style of play and good fellowship. Without

U.S. the U.C.T. and W.P. rugby will be in a sad state. Stellenbosch has kept W.P. at a peak! The Stellenbosch club has served the W.P. Union well and has always something top class to say, and despite rumours the relations between Ikeys and Maties are most hearty. This is a momentous occasion for your club. Now the other clubs will try to topple you, but that won't be the end of things. I have a special word as a tribute to the Victorians – the old historic team . . . The crowds at Newlands prove that they like to see Stellenbosch play – the attendance figures show it.

Ten slotte het kaptein Jannie Engelbrecht aan die woord gekom. Volgens sy aanhef, was hy 'n teleurgestelde man! Hy verwag nou al 'n paar jaar lank 'n eredoktorsgraad, maar gee nou moed op. Uit die diepte van sy rugbyhart het hierdie veteraan van 'n duisend gevegte oopregte dankwoorde gespreek en lakanies geëindig: Laat mense maar kritiseer – die telbord praat!

## OUD-SPRINGBOKKE

Onder die gaste was die volgende Springbokke (agter, l.n.r.): Butch Lochner (1955-58), Flappie Lochner (1937), Gert Muller (1969-71), Morné du Plessis (1971), James Starke (1956), Jannie Engelbrecht (1960-69), Louis Babrow (1937) en Lionel Wilson (1960-65) en, voor: Boy Louw (1937), Danie Craven (1931-38), die Rektor, Gerry Brand (1928-37) en P. K. Morkel (1928).





BEKERS

Stellenbosch het in 1971 ingeskryf vir die Senior Groot Uitdaag-, Stadsbeker- en die Baylybekerkompetisies, sowel as vir die Junior Uitdaag-, Onder 20A- en B-kompetisies. Al genoemde kompetisies, (uitgesondert die Baylybeker) is gewen. Op die foto verskyn (v.l.n.r.) die Onder 20 B-skild, die Stadsbeker, die Groot Uitdaagtrofee, die Junior Uitdaag-trofee en die Onder 20 A-skild.

# OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00

Vervaardig deur Veka

## Alle Nommers altyd in Voorraad

## Nuwe Terylene Oud-Matiedas

Prys R2.35

## Skryf aan:

Posbus 94  
Stellenbosch

# pikkie blommaert

mansuitruster stellenbosch



**Ons is om elke  
hoekie-  
met die regte  
soort hulp.**

Besoek ons of ons sal u besoek

**Suid-Afrikaanse  
Permanente Bouvereniging**

**Permanente Gebou, Pleinstraat 4, Stellenbosch.**

Grant 1088



*Elke Sigaret  
n Meesterstuk*

Produk van Suid-Afrika

VRFA 165Q